# KERKSOUVENIR VAN WYNBERG

I.

## Wynberg en sy Historiese Plase en Huise.

### VAN RIEBEECK SE PLAAS BOSHEUVEL.

Jan van Riebeeck, die stoere stigter van Hollands Suid-Afrika, was die eerste veeboer, wynboer, graanboer en handelaar aan die Kaap. Hyself het in oorleg met die Kommissaris Cuneus wat hier in 1657 op besoek was, die seleksie van sy boereplaas gemaak, en wel aan die Wynberg, soos blyk uit die volgende aantekening in sy Dagverhaal onder datum 26 Oktober 1657:—

> "Heden den Commandeur hebbende wesen besichtigen seecker bosschagie, styff drie uyren gaens van hier, leggende noordwaerts in de hoeck van de bosheuvel tegen de bosbergen zuytwaerts beneden den Taeffelberch aengewesen door den vry timmerman Leendert Cornelis van Zevenhuysen, ende by hem versocht 't selve voor sich te mogen hebben."

Van Riebeeck het dan ook spoedig besluit om op die plaas 'n proefneming met die aanplant van 'n wingerd te maak. En so sien ons op Maandag, 26 Augustus 1658, 'n groot bedrywigheid in die nabyheid van die ou fortjie, De Goede Hoop. Daar was naamlik byeengeroep 'n hele klomp werksmense, wat instruksies ontvang het om, gewapen met pikke en grawe, hulle in die rigting van die Liesbeekrivier, waar daar 'n ronde bos, vandaar nou Rondebosch genoem, geleë was te begeef. Aan die suidooste kant van die rivier naby sy oorsprong het die klomp halt gehou. Daar was die Kommandeur se plaas en hier, het hy georder, moet julle vandag wingerd plant. Dit was die eerste wingerd in Suid-Afrika, en Van Riebeeck het dit nodig en die moeite werd geag om die volgende aantekening daaromtrent in sy Dagverhaal te maak:—

> "26 Augusty 1658. Den Commandeur Riebeecq heeft 1200 gewortelde rancken ende ongewortelde stecken van gesnoeyde wyngaerden, op den bosheuvel omtrent drie uyren van 't fort, door syn particuliere landtbouwer ende slaven doen planten."

Die plaas se naam was in die begin Wynberg, na die wingerd wat daar aangelê is. Later het Van Riebeeck dit Bosheuvel genoem. Nog later is die naam verander in Protea in 1795, toe H. C. Maynier die eienaar was. Nou is dit Bishopscourt, soos dit vandag nog genoem word, omrede die Aartsbiskop van die Engelse Episkopaalse Kerk daar woonagtig is.

Ná Van Riebeeck se tyd het dit ook andere eienaars gehad, o.a. Tobias Marquard (1695) en Guillaume Heems. Die oorspronklike besitter het daar benewens die twaalfhonderd wingerdstokke ook 1,244 vrugtebome geplant. Dis moontlik dat die eikebome wat daar vandag nog staan van die eerste tye dagteken, dog die oorspronklike wonings het almal verdwyn.

## DIE CONSTANTIA-VALLEI.

Die sukses wat gevolg het op Van Riebeeck se proefneming met 'n wingerd aan die Wynberg, het 'n later goewerneur aangemoedig om in dieselfde distrik 'n wynboerdery op groter skaal te dryf. En Simon van der Stel het geweet waarom hy in 1685 die Constantia-vallei uitgekies het. Ons lees in ou geskrifte dat hy sakke vol aarde op afstande van 100 roede laat toets het en die resultaat daarvan het hom gelei om van sy reg as goewerneur gebruik te maak en aansoek te doen vir die Constantia-gebied. Vir sy keus as woonplek kan ons niks as bewondering koester nie. Wie kan ontkom aan die bekoring van die vallei? In die somer, as op die afdraande hange die wingerdstokke in blad is en trosse pronkdruiwe besig is om te ryp, of in hierdie tyd van die jaar as die stokke kaal staan met hier en daar nog 'n paar bros-droë blare, terwyl die wynboer besig is om die grond langs die stokke met kalk en misstowwe nuwe krag te gee en vore in die grond te sny om verspoelings deur die komende reëns te voorkom —nooit kan die oog genoeg kry van die rustige, golwende vlakte nie, slegs hier en daar gebreek deur groepe bome waardeur heel effens die wit ou huise skemer. En kom 'n mens nader by daardie huise, dan word jy getref deur hul deftigheid en eerbiedwaardige ouderdom. Op sy stoep op Groot Constantia het Van der Stel tot aan die end van sy lewe dikwels gesit en geniet van die heerlike lug, die pragtige uitsig na alle kante, en moontlik het vandaar menige jaggeselskap in die toe wildryke omgewing gegaan.

Constantia! Daar sit musiek in daardie mooi naam. Dit pas by die vallei. Ongelukkig kan ons slegs gis na die oorsprong van die bekoorlike naam. In ieder geval is al diegene verkeerd wat meen dat Van der Stel se vrou Constance geheet het en die naam daardeur aan die omgewing gegee is. Sy was voor haar huwelik Johanna Jacoba Six. Die familie Six was 'n deftige ou Amsterdamse burgerfamielie.

Moontlik staan die naam egter tog in verband met sy vrou. Daar is mense wat meen dat hy die naam gekies het om daardeur te kenne te gee dat hy „constant" aan sy vrou, wat in Holland gebly het, trou was. Ons wil graag aanneem dat hy konstant trou was aan sy vèr eggenote, maar dat die naam so ontstaan het is minstens baie twyfelagtig.

Waarskynliker, hoewel nie vasgestel nie, is dit dat die plek genoem is na 'n dogtertjie van Hendrik van Reede tot Draackesteyn, heer van Mydrecht, wat as gevolmagtigde van die bestuurders in Holland die grond aan Van der Stel oorgedra het. Hy was 'n groot vriend van Simon van der Stel en sy dogtertjie is kort voor die oordrag van die grond in Colombo oorlede. In ieder geval het die vallei die mooi naam gekry, 'n naam wat tans amper in die hele wêreld bekend is, veral deur die onoortreflike druiwe en wyn wat daar geproduseer word. Mevr. A. P. Trotter vertel in haar lesenswaardige boek „Old Cape Colony" dat in die begin die Vereenigde

Oost Indische Compagnie 'n monopolie in die Constantia-wyne gehou het, en dat konings voorkeur aan daardie wyn gegee het. Aan die Kaap het die wyn omtrent 11s. 6d. per bottel gekos, en slegs baie gesiene gaste is daarop onthaal. In die begin van die negentiende eeu egter was daar 'n aansienlike uitvoer van die wyn na Engeland, en tot op die huidige dag het die wynboere, ondanks veranderings wat plaasgevind het, daarin geslaag om die naam van die produk hoog te hou.

## HISTORIESE PLASE EN HUISE.

GROOT CONSTANTIA soos nou herstel is nie in die vorm deur Simon van der Stel gebou nie. Dit bewys onweerlegbaar die mure wat ná die noodlottige brand in Desember 1925 ontbloot was van die wit buitelaag wat karakteristiek is van die ou huise in die vallei. Die mure het bestaan uit twee soorte stene uit verskillende tydperke, en die veronderstelling lyk geregverdig dat onder Hendrik Cloete, wat in 1779 in besit van die plaas gekom het, en wat groot verbeterings laat aanbring het, die gebou omgebou is. Dit was ook in sy tyd dat die pragtige wynkelder agter die hoofgebou opgetrek is, wat die beeldhouer Anton Anreith in 1791 'n verder geleentheid gegee het om in die pragtige gewel-veld van die wynkelder 'n beeldhouwerk te skep wat ons vandag nog bewonder as 'n ware kunswerk.

Interessant op die erf is die vroeëre slawe-kwartiere, by die Jonkershuis, waar Van der Stel se oudste seun volgens oorlewering gewoon het, en die sienswaardige ou bad in die tuin met die Triton-beeld, almal stukke bouwerk wat tot die waardevolste behoort wat ons deur ons voorvaders nagelaat is.

ALPHEN, die huis van mevr. wed. H. Cloete (gebore Van Warmelo), staan op 'n gedeelte van die grond wat oorspronklik aan Simon van der Stel toegeken was. Volgens die oorlewering is die huis deur Abraham Lever in 1753 gebou en deur 'n skeepskaptein, De Waal, kort daarna vergroot. Die naam is heel waarskynlik ontleen aan die klein dorpie Alphen in Suid-Holand. Later eienaars van die plaas was Jan Serrurier (1765), Kirsten, Thomas Frederik Dreyer. Sedert 1850 behoort dit aan die familie Cloete toe mnr. Dirk Cloete dit gekoop het. Die eienaardige versiering van die mooi deure en die groot vensters van die hoofgebou trek hier veral die aandag. Volgens die oorlewering is in die wynkelder met sy pragtige plafon in die ou tyd godsdiensoefeninge gehou.

TOKAI was vroeër 'n buitepos van Groot Constantia en is gebruik as weiveld vir die vee van goewerneur Simon van der Stel. In 1750 is die veepos verkoop aan 'n seker Van Reenen. Die klein huisie wat nou gebruik word as kantoor van die Departement van Boswese, is deur hom gebou. Tussen 1781 en 1790 is die pragtige ou woonhuis met sy Hollandse gewels, vensters en deure, die slawehuis en wynkelder voltooi. Verskeie eikelanings, vrugteboorde en wingerde is aangelê, maar deur te groot te lewe was hy verplig om die plaas in 1798 met slawe en al aan 'n sekere Hendrik Colyn, 'n bekende wynboer, te verkoop. Hy het die plaas Tokai genoem, 'n woord afkomstig van die noorde van Hongarye, waar die beroemde Tokay-wyn spesiaal vir huislike gebruik vir die keiser van Oostenryk gemaak is.

Die groot klipbaken onderkant die woonhuis, gemerk H.C. 1802, is nog 'n landmerk wat uit sy tyd dateer. In 1820 het Dirk Eksteen die eienaar van die plaas geword, en sy seun Jakob Pieter Eksteen het dit in 1883 aan die ou Kaapse regering verkoop met die doel om 'n gestig vir kranksinniges daar op te rig. Die ed. William Porter, prokureur-generaal van die Kaapkolonie, het in dieselfde tyd 'n som geld beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n verbeteringsgestig en vir dié doel is 'n stuk grond by Valkenberg gekoop.

Albei plekke is later ongeskik bevind vir die doel waarvoor hulle bestem was. In 1890 is toe die verbeteringsinrigting by Tokai gestig en 'n gestig vir kranksinniges is by Valkenberg opgerig.

In 1894 is 'n begin gemaak met die oprigting van nuwe en geskikte geboue ter verbetering van jonge misdadigers sowel as huise vir amptenare.

BERGVLIET, aangelê op grond wat eertyds aan Simon van der Stel behoort het, was lank in die besit van die Eksteen-famielie. Toe daar eens 'n mej. Eksteen in die huwelik sou tree, het haar vader uitnodiginge na die bruilof uitgestuur op die Franse styl na „Burger So en So," waaroor die Engelse goewerneur lord Macartney baie gesteur was. Op las van laasgenoemde is daar militêre op Bergvliet gestasioneer tot voorkoming van ongereeldhede. Toe Eksteen by die Goewerneur se huis ekskuus gevra en 'n sekere sekuriteitsbond onderteken het, is die soldate teruggeroep en die bruilof gevier. Bergvliet het later in die besit gekom van die Hertzog-famielie en nog later was dit die eiendom van dr. Purcell, wat met 'n mej. Faure getroud was, en hom baie verdienstelik gemaak het in verband met die behoud van Suid-Afrikaanse oudhede toe die Koopmans-De Wet-museum in die Kaapstad geopen is.

STEENBERG, wat van die vroegste tye die tuiste was en dit vandag nog is van die Louw-famielie, wat nog steeds in 'n pragtige staat van bewaring die oorspronklike transport-akte wat die Hollandse Goewerneur verleen het. Mnr. Nicolaas Louw, getroud met Mej. Brunt, het jarelank die gemeente as ouderling gedien.

Nog 'n paar ou huise van betekenis wat in vroeër tye aan lidmate van die gemeente behoort het:—

BOSHOF, wat lang jare die woning van die Breda-famielie was. Hier is op 7 Junie 1829, toe Alexander van Breda, Sr., daar gewoon het, die voorlopige vergadering gehou waarop tot die stigting van die Wynbergse gemeente besluit is. Alwat hier oorgebly het van die eertydse heerlikheid van 'n pragtige plaas, is die mooi poort wat ingang verskaf tot die gronde aan die end van die Nuwelandse-Laan.

STELLENBERG, aan die voet van 'n skuinste wat teenoor Kenilworth van Wynberg val, is in die begin van die agtiende eeu gebou op dieselfde model van die vorige pragtige woning wat in 1710 afgebrand was en behoort het aan Jacobus Vogel, wat die grond van Simon van der Stel gekry het. Daar was 'n groot vriendskapsbetrekking tussen Vogel en Van der Stel—vandaar die naam Stellenberg. Die twee Wynberg-gemeentelidmate wat eienaars van die ou plaas gewees het, was Sebastiaan Valentyn Cloete en Hendrik Cornelis Dreyer. Die Kommissaris-generaal De Mist, wat saam met die laaste Hollandse Goewerneur-generaal Janssens aan die Kaap was, het in die huis gedurende sy verblyf gewoon, 1803—1806.

WELTEVREDEN, op die Groot Schuur-gronde, Rondebosch, 'n pragtige tiepe van 'n boerewoning in die ou tyd, gebou deur Gysbert van Reenen, later die eiendom van sy skoonseun Sybrand Jacobus Mostert, wat jare 'n prominente kerkraadslid van die Wynbergse gemeente was. 'n Kleinseun van laasgenoemde, mnr. Cornelis Johannes Muller van Kaapstad, geb. 9 Mei 1847, die oudste oud-kerkraadslid van die Grote Kerk, het op die ou plaas groot geword. Die ou familie-kerkhof daarop word goed in orde gehou.

GROOT SCHUUR was oorspronklik niks anders as 'n graanskuur van die Oos-Indiese Kompanjie nie. Later by verbouing is die verskillende afdelings in kamers verander en die geheel ingerig om as woning te dien vir die eienaar. Omtrent 150 jaar gelede het Groot Schuur behoort aan die Hofmeyr-familie. Later het dit in die hande geval van die heer W. A. Janssens de Smidt, vroeër landmeter-generaal van die Kaapkolonie, wat baie weldade aan die Wynbergse gemeente bewys het en dit in 1878 verkoop het aan die wed. J. van der Byl, van wie die ed. heer Cecil Rhodes dit gekoop het. Laasgenoemde het dit vermaak aan Suid-Afrika as die offisiële woning van die Eerste Minister van die Unie. Dis opmerklik dat aldrie die premiers wat daar sedert Unie gewoon het Hollandssprekende Afrikaners van geboorte was—generaals Botha, Smuts, Hertzog.

ONDER SCHUUR, nou Westbrooke, die woning van die Goewerneur-generaal, waar die gemeente Wynberg gestig is 20 Sept. 1829 toe die plaas die eiendom was van Egbert Andries Buyskes, wat later genoodsaak was om dit op te gee ten gevolge van groot skade gely deur die aweregse manier van uitbetaling van die kompensasiegelde vir die vrygemaakte slawe. Twee kleindogters van mnr. Buyskes leef nog en woon in die Queen-Victoriastraat, Kaapstad.

KLEIN SCHUUR, waar jarelank woonagtig was die welbekende heer Jacob G. L. Dreyer, een van die stigters van die gemeente Rondebosch, wat hy byna onafgebroke as ouderling gedien het, en in wie se tyd daar nog 'n groot wingerd op die plaas was.

RUSTENBURG, in Rondebosch, is in die vroegste tye deur Hollandse goewerneurs bewoon. Kolbe noem dit in sy " Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop" (1719) "een lusthuis waarin de Heer Gouverneur dikwijls zijn verblijf neemt, omdat dezelve niet ver van de Kaap legt, en hij de vrije weg in het gezigt heeft zoodat hij schier alles kan zien wat van de Kaap en na de Kaap gevoert wordt." Later het die Secunde van die Kompanjie daar gewoon en daar is 16 Sept. 1795 die ooreenkoms tussen die Hollandse en Engelse offisiere by die eerste oorgawe van die Kaap aan Brittanje geteken. Later het dit in private hande geval, en nog later is dit vir skooldoeleindes gebruik.

VALKENBURG, so genoem na die eerste eienaar Cornelis Valk. Later eienaars was Gysbert la Febre, Burget van Dyk en Cornelis de Waal. Toe die Wynbergse gemeente gestig is, was daar woonagtig Cornelis Mostert, wat een van die eerste diakene van die gemeente was, en daar op die ou plaas is dikwels godsdiensoefening gehou voordat die kerk gebou is.

En so sou ons nog ander wonings en plase wat aan die Wynbergse distrik behoort het kon noem. Dog genoeg is gesê om aan te dui die tiepe van Hollandse boerewonings wat vroeër in besit was van die meer gegoedes onder die Afrikaners. Daardie tiepe gee ons die indruk van 'n voorspoedige dog stille en rustige lewe, in sterk teësteling met die onrus en gejaagdheid wat die teenswoordige geslag kenmerk. Toe het die mense hulle vermaak gevind op hulle plaas, in hulle bedryf of werk, binne en om hulle wonings. Maar helaas! hoe seldsaam is hierdie geslag geword. Die begeerte om spoedig ryk te word, die druk van sware tye, die sug na vermaak, die toeneming van die bevolking, dra almal by om die rus en tevredenheid, wat die ou verblyfplase aangebied het, weg te neem. Voorwaar, met al ons teenswoordige bedrywigheid en met al wat ons beskawing en vooruitgang noem, is nòg die rykere nòg die arme stand daardeur beter en gelukkiger geword.

# II.


# Die Stigting van die Gemeente.

## EERSTE VERGADERING TOT AFSTIGTING.

Al die mense wat aan die Wynberg, in die Constantia-vlakte en in Simonsbaai woonagtig was, het aan die moedergemeente in die Kaapstad behoort. Die distansie het egter gereelde kerkbesoek moeilik gemaak, en so het die begeerte en besluit tot afstigting ontstaan. Daartoe is op 7 Junie 1829 op die pragtige plaas Boshof van mnr. Alexander van Breda 'n voorlopige samekoms gehou van belangstellende lidmate. En op die vergadering is eenstemmig besluit "om met toestemming en onder de leiding van hunne Eerw. Leeraren eene afzonderlijke gemeente te stichten." Omtrent die sentrum waar die kerkgebou moes kom, was daar egter nie eenstemmigheid nie. Sommige wou dit aan die Wynberg en andere aan die Drie Koppen hê. Die laaste plek was die ou naam van Mowbray, so genoem na die drie koppe (hoofde) van sekere moordenaars wat daar, soos in die ou tye gebruiklik was, in die openbaar opgehang en tentoongestel was. Dit het 'n tydjie geduur eer die moeilikheid omtrent die posiesie van die kerkgebou opgelos was, en wel deur die besluit dat dit aan die Wynberg moes kom.

## DIE EERSTE GODSDIENSOEFENING.

Na behoorlik verkreë toestemming van die kerklike en burgerlike outoriteite, is die eerste godsdiensoefening van die nuwe gemeente op Sondag, 20 Sept. 1829, op die plaas De Onder Schuur van mnr. Egbert Andries Buyskes gehou, en daar by dié geleentheid die eerste kerkraadslede deur Ds. (later Dr.) Abraham Faure, wat as konsulent aangestel was,



HOOFINGANG TOT DIE PLAAS BOSHOF *[Foto De Geus.*
waar op 7 Junie 1829 tot die stigting van die Gemeente besluit is.



Ingangdeur tot eetvertrek waar hoogs waarskynlik die vergadering gehou werd.

voorgestel is, kan 20 September 1829 as die stigtingsdatum van die gemeente aangeneem word. Omtrent hierdie eerste godsdiensoefening staan die volgende nota op die eerste bladsy van die Resolusie-boek van die Kerkraad aangeteken:—

"Een ruim Vertrek in het woonhuis van den Heer Buyskes, ten dien einde door hem beleefdelijk afgestaan, ingerigt zijnde tot het houden van Openbaren Godsdienst, zijn daarin vergaderd die Ledematen der Nederduitsche Hervormde Gemeente van de Kaapstad, welke met toestemming en onder leiding van hunne Eerwaarde Leeraren in de Kaapstad voormeld en met Sanctie van Zijne Excellentie den Gouverneur onder zich eene afzonderlijke Gemeente hebben gesticht; en heeft bij deze gelegenheid de WelEerw. Heer Abraham Faure, tot Consulent dier Gemeente benoemd, dezelve na eene treffende Leerrede over II Corinthen 4 v. 5 met de gewone plechtigheid geconstitueerd en ingezegend, mitsgaders de hierna te noemen Ledematen in de heilige bediening van Ouderlingen en Diakenen bevestigd."

## DIE EERSTE KERKRAAD.

Die eerste Kerkraad het uit twee ouderlinge en vier diakene bestaan. Die ouderlinge was: Alexander van Breda, Sr., van die plaas "Boshof"; Ryk Arnoldus Mauritius Cloete, van die plaas "Plumstead". En die diakene: Dirk Gysbert Ecksteen, waarskynlik woonagtig op "Bergvliet"; Cornelis Mosterd, C.s., van die plaas "Valkenburg"; Jacob Pieter Cloete, van "Constantia"; Willem Adriaan van Schoor, wat deur sy huwelik verbind was met die familie Mostert en waarskynlik in Rondebosch gewoon het.

## 'N HISTORIESE OORSIG.

Ná afloop van die godsdiensoefening is dieselfde Sondagagtermiddag die eerste Kerkraadsvergadering gehou. Op die vergadering het "de HoogEd. Achtb. Heer Sir J. A. Truter, onder wiens leiding de nieuwe gemeente haar bestaan heeft verkregen, op verzoek van den Kerkeraad mede sessie genomen." Sir John het by dié geleentheid 'n toespraak gehou, bevattende 'n historiese oorsig van die ontstaan van die gemeente, wat in die Notuleboek opgeneem is en wat ons hier laat volg:—

"De moeilijkheid, waarvan het regelmatig bijwonen van den Open baren Godsdienst in de Stad voor de meeste Ingezetenen, woonachtig tusschen de Simon Stad en Zoute Rivier tot aan de Kuils Rivier, verbonden is, had reeds voor een geruime tijd het denkbeeld teweeggebragt dat het bezit eener bijzondere Vergaderplaats tot het houden van Openbaren Godsdienst-Oeffening in derzelver nabyheid zeer wenschelyk was, en van groot nut voor den Godsdienst zoude kunnen zyn;—en dit denkbeeld wel verre van door den tyd te slyten, is integendeel door van tyd tot tyd gewisseld geworden, meer en meer levendig geworden en heeft eindlyk geleid tot eene Byeenkomst op den 7den Juny dezes Jaars, ter Plaatze van den waardigen Heer Alexander van Breda, waarin door een aanzienlyk getal Ingezetenen, respectivelyk tot voorzegde Omtrek behorende, alle het gevoel

en de overtuiging der opgegeven moeilykheid omdragende, eenstemmig is besloten om onder leiding van een van hunne Eerw. Leeraren eene afsonderlyke Gemeente te stichten.

By die gelegenheid werd ook bepaald dat ten dien einde een kerkgebouw zoude worden opgerigt tusschen de Plaatzen van de Heeren V. A. Schönberg en J. Letterstedt; waaromtrent nogtans by volgende Byeenkomsten verschil ontstaan zynde, begerende eenige Ledematen, dat de Kerk is besloten om onder leiding van een van hunne Eerw. Leeraren eene aan de Drie Koppen, en andere wederom, dat dezelve aan de Wynbergen zoude worden gesticht, is dit verschil tot nog toe onbeslist gebleven, en zoo myne Mede Ledematen met my instemmen, ben ik voornemens, om na het aflopen dezer Kerkvergadering voor te stellen, om de bepaling van de geschikste plaats tot het bouwen van een Kerk aan de beslissing van de aanstaande Synode, in de Maand November eerstkomende, te submitteren. Met kennis en op speciaal verzoek van een aantal myner mede Ledematen heb ik my by Brief van den 4den July l.l. aan den WelEerw. Kerkenraad der Hervormde Gemeente in de Kaapstad geadresseerd, Hun Eerw. ons voornemen medegedeeld, en verzogt ons te willen adviseren op welke wyze wy in het stichten eener gemeente zouden behoren te werk te gaan, en in hoe verre wy daartoe de Sanctie van het Gouvernement nodig hadden.

De WelEerw. Kerkenraad in antwoord op myn Adres heeft by Brief van den 7de July daaraanvolgende, ons voornemen als loflyk verklaard te beschouwen, en geoordeeld dat de Gemeente in den opgegeven omtrek, de Simons Stad daaronder begrepen, uit een genoegzaam getal zielen bestond, om van deze Gemeente een afzonderlyk bestaan te mogen erlangen, met byvoeging dat eerst en vooraf de Sanctie van het Gouvernement zoude behoren te worden verkregen, en dat de WelEerw. Kerkeraad alsdan de voordragt zoude doen van Kerkenraads Leden, waarin Hun WelEerw. de beleefdheid hadden myne medewerking te verlangen.

Tengevolge van deze bemoedigende beantwoording van myn Addres hebben zich eenige der belanghebbenden met my vereenigd in het presenteeren eener Memorie aan Zyne Excellentie den Gouverneur.

Hoogstdenzelven met ons voornemen bekend makende, met bygevoegd verzoek dat het Zyne Excellentie behagen mogt ons zyne Sanctie tot het stichten eener afzonderlyke Gemeente te verleenen, gelyk mede tot het oprichten van een Gebouw, tot het houden van Openbaren Godsdienst, op zoodanig gedeelte binnen den opgegeven omtrek als door ons nader aan Zyne Excellentie zoude worden gesubmitteerd. Op dit verzoek heeft Zyne Excellentie by *Reply* van den 21ste July l.l. gelieven te verklaaren, dat Hy geene zwarigheid zag in het stichten eener afzonderlyke Gemeente, daar het blykt dat deze maatregel reeds goedgekeurd was door de Predikanten der Gereformeerde Kerk in de Kaapstad. Deze Sanctie verkregen hebbende, heb ik daarvan aan myne expres byeengeroepen mede-Ledematen kennis gegeven, wanneer dezelven aan my hebben opgegeven diegeenen onder hen die zy zouden wenschen tot Ouderlingen en Diakenen te worden voorgesteld. En hierop heb ik by Brief van den 1sten August jongstleden aan den WelEerw. Kerkenraad de verkregen Sanctie van Zyne Excellentie den Gouverneur overgezonden, en gelyktydig verzogt, geinformeerd te mogen worden, wanneer het Hun WelEerw. gelegen zoude

komen, om, in gevolge het slot van derzelver Brief van den 7de July bevorens, over de benoeming van Kerkenraden met my in communicatie te treden. De tyd tot het houden dezer communicatie op den 3den August bepaald zynde, heb ik my naar de Stad begeven, en door den WelEerw. Kerkenraad met alle eerbewyzing ontvangen zynde, met Hun WelEerw. over de benoeming van Kerkenraden voor deze nieuwe Gemeente in deliberatie getreden, en vervolgens aan den Kerkenraad overgelaten om de keuze, nadat ik vertrokken zoude zyn, te doen. Waarna ik heb ontvangen een Brief van den WelEerw. Kerkenraad, gedagteekend den 7den dezer, aan my insluitende Copy eener Missive van den Colonialen Secretaris van den 5den bevorens, waarby Zyne Excellentie verklaart goed te keuren de volgende benoeming van Kerkenraden, door Hun WelEerw. van deze nieuwe Gemeente gedaan, te weten van de Heeren Alexander van Breda en Ryk Arnoldus Mauritius Cloete tot Ouderlingen, en de Heeren Dirk Eksteen, Cornelis Mosterd, Jacob Pieter Cloete en Willem van Schoor tot Diakenen.

En deze Heeren op heden, na het aflopen der drie gewone Kerk-Proclamatien plegtig in hunne Ambten bevestigd en de Gemeente dus wettig en regelmatig gesticht zynde, besluit ik dit Relaas met den hartelyken wensch, dat dezelve mogen strekken tot eere van God en Christus, en tot wezenlyk heil van onzer aller onsterflyke zielen.

Het zy zoo!"

## EERSTE PLASE VAN SAMEKOMS.

Gedurende die eerste jare is die godsdiensoefeninge by gebrek van 'n vaste leraar en 'n eie kerkgebou slegs periodiek gehou. Uit die Notule blyk dat die predikante Abraham Faure, William Robertson (van Clanwilliam), Cornelis Mol van Swellendam, J. H. von Manger van Kaapstad en M. Borcherds van Stellenbosch voor die gemeente opgetree het en wel in die voorhuise van die volgende plase: "De Onderschuur" (van E. A. Buykes), "Boshof" (van Alexander van Breda, Sr.), "Valkenburg" (van Cornelis Mostert) en op die (ongenoemde) plaas van J. M. Horak. Later is die dienste gehou in 'n skoolgebou wat aan die Goewerment behoort het en waarvan ook die Engelse gemeente vir kerklike doeleindes gebruik gemaak het.

## EERSTE DOOPSBEDIENING.

Dit het plaasgevind by die eerste godsdiensoefening op 20 September 1829 op die plaas De Onderschuur, toe Dr. Faure die bondseël toegedien het aan die volgende twee kinders: Oloff Johannes, geb. 7 Augustus 1829, seun van Oloff Johannes Truter en Catharina Geertruyda Claris. Die vader was 'n seun van Sir Johannes Andreas Truter (wat as getuie opgetree het) en Catharina Louisa, geb. 23 Julie 1829, dogter van Egbert Andries Buyskes en Elizabeth Francina de Villiers. Solank as die gemeente nie 'n eie kerkgebou gehad het nie, is die Heilige Nagmaal nie bedien geword nie.

## EERSTE KONTRIBUSIE TOT DIE KERKFONDSE.

Op die Kerkraadsvergadering van 8 Des. 1830 het die Kassier gerapporteer "dat de WelEd. Heer W. Mackay deze Kerk heeft aangeboden de som van £11—19—10 of Rds. 159—7—0⅝ zynde een gedeelte van Zyn Ed. toegelegde geldsom in Rechtsgeding van Zyn Ed. versus Dr. Philip; waarop besloten is zulks in dank aan te nemen." Mackay was die Siviele Kommissaris van die Kaapse Afdeling en Dr. Philip was die berugte Superintendent van die Londense Sendinggenootskap en die skrywer van *Researches in South Africa,* waarin hy die Afrikaanse Boerevolk skandelik belaster en ook die goeie eer en karakter van gemelde Mackay, wat later Magistraat van Wynberg was, aangerand het. Die regsgeding tussen die twee het groot opspraak in die Kaapstad verwek en word as volg deur Dr. Theal op bl. 508 van sy *History of South Africa since* 1795, deel II, beskryf:—

"Die boek *Researches in South Africa* het baie sensasie verwek in die Kolonie, waar dit ontvang was as 'n ver oordrewe verklaring, waarin baie verduidelikende besonderhede waarmee die skrywer bekend was, uitgelaat is. Mnr. William Macdonald Mackay, een van die amptenare wat daarin beskuldig is dat sy gedrag bereken was om die Hottentotte te onderdruk, het besluit om sy karakter te regverdig deur 'n aksie van laster in te bring voor die Hooggeregshof. Die saak het baie belang verwek deur geheel Suid-Afrika, want die algemene gevoel was dat dit nie slegs Mnr. Mackay se reputasie, maar ook dié van die Goewerment en die koloniste was wat in die weegskaal was. Met die verhoor het Dr. Philip se verdediging die bevoegdheid van die hof om 'n oordeel te gee, in twyfel getrek op gronde van die feit dat die boek nie bedoel was vir sirkulasie in die kolonies nie; dat dit nie hier deur sy agentskap gepubliseer is nie; en dat dit gevolglik nie hier die plek was om 'n aksie in te bring nie. Die regters het hierdie objeksie oorstem, maar deur ander moeilikhede moes die saak uitgestel word tot die volgende sessie. Op 12 Julie 1830 het die saak finaal tot verhoor gekom. Dit het berus op die egtheid van sekere verklarings in die boek *Researches in South Africa,* wat Dr. Philip se naam as skrywer op die tietelbladsy gehad het, en wat bewys was dat hy 'n eksemplaar aan sy vriend Mnr. Wilberforce Bird, aksynsmeester, gegee het. Die hof was gepak met die vooraanstaande mense in die land. Die verdediger pleit dat hy die informasie gekry het, waarop hy sy verklarings baseer het, van Mnr. Thomas Pringle, wat dieselfde verslag in 'n boek in Engeland gepubliseer het nog voordat *Researches in South Africa* verskyn het. Getuienis is toe afgelê en dit is bewys dat die beskuldigings van Dr. Philip op Mnr. Mackay as Magistraat aan Somerset nie korrek was nie. Op 16 Julie is uitspraak gegee teen Dr. Philip vir £200 skadevergoeding en koste, wat deur die groot getal getuies van die grense opgeloop het tot £900. Die hoofregter, Sir John Wylde, in 'n lang opsomming bestempel die verklarings van Dr. Philip teen Mnr. Mackay in *Researches in South Africa* as 'valse en opsetlike laster.' Regter Burton sê dit is 'laster en valsheid,' en Regter Menzies noem dit 'geheel en al zonder grond.'"

Die Wynbergse Kerk, wat behoefte gehad het aan fondse, het 'n seker gedeelte van die toegekende skadevergoeding as 'n vrywillige gif van Mackay ontvang.

III.

# Sir J. A. Truter—Stigter van die Gemeente.

Hierdie agtenswaardige persoon kan met reg die stigter en vader van die Wynbergse gemeente genoem word. Op die heel eerste bladsy van die Notuleboek word gewag gemaak van "de hoogEd. Achtb. Heer J. A. Truter onder wiens leiding de nieuwe gemeente haar bestaan heeft verkregen," en die Sinode van 1829 het in 'n brief aan die Kerkraad, waarin hy sy blydskap oor die oprigting van die gemeente uitspreek, ook hulde gedoen "aan de leiding van onzen zoo geliefden als hooggeagten Eersten Comm. Politiek, den HoogEd. Achtb. Heer Ridder J. A. Truter" in verband met die toestemming tot die oprigting verleen. En daarom is dit gepas dat 'n hoofstuk aan hierdie merkwaardige man gewy word.

## AFKOMS EN STUDIEJARE (1763—1789).

Johannes Andreas Truter was die eerste hoofregter van die Kaapkolonie. Hy was 'n kleinseun van die stamvader naar wie hy geheet het en wat in 1722 met die "Sleeswyck" naar Suid-Afrika gekom het. Sy vader was Luitenant Hendrik Andries Truter, burger-raadslid van die Kaapstad en lid van die Hof van Justiesie, en sy moeder Susanna Catharina Victor, 'n kleindogter van Hercules Verdeaux, een van die Franse vlugtelinge in 1688. Die stamvader, 'n soldaat, was afkomstig van Oosterhout in Nederland en het in die Kaapstad van 1726 tot 1755 die betrekking van meester-tuinier of baas van die Kompanjie se tuin beklee. Hy was tweemaal getroud, eers met Margaretha Hasewinkel, wat uit Holland met hom saamgekom het, en later aan die Kaap met Maria Cuyperman.

Die persoon van hierdie artiekel is op 30 Oktober 1763 met die naam Johannes Andreas in die Gereformeerde Kerk, Kaapstad, gedoop. Van sy jeug en skooldae is weinig bekend. Dog hy het vroeg blyke gegee van lus in studie in die regsgeleerdheid, en so is hy op twintigjarige leeftyd, met geldelike ondersteuning van belangstellende vriende, naar Europa gestuur op die skip "Angelique Borneah" en as student 15 September 1783 aan die Leidse Uniwersiteit ingeskrywe. Op 25 September 1787 is hy gepromoveer tot doktor in die regte na verdediging van 'n proefskrif "De Regula Civilis Juris Heridia semet ipso non legatur," wat hy opgedra het aan "Patri Carissimo Hendrico Andreae Truter nec non tutori fidelissimo Kiero van der Riet."

## EERSTE AMPTE (1789—1809).


Nadat Truter as advokaat toegelaat is, het hy dringende aansoeke ontvang om hom in Holland te vestig. Sy liefde vir sy vaderland het hom egter naar Suid-Afrika laat terugkeer, en hier is hy aangekom in Februarie 1789, na 'n seereis wat byna vyf maande geduur het. Dit was nog in die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie, wat hom dadelik in sy diens geneem en met die rang van junior-koopman as twede assistent van die fiskaal Baron van Lynden van Bletterswyk aangestel het teen 'n salaris van 30 gulde (omtrent £2 10s.) per maand. In 1793 is hy die opvolger geword van W. S. van Ryneveld as sekretaris of registrateur van die Hof van Justiesie, waarvan sy vader toe lid was. In dié hoedanigheid het hy die spesiale hof vergesel wat die goewerneur Sluysken in 1795 aangestel het om die Graaff-Reinetse distrik te gaan besoek, met die doel om die burgers wat met die bestuur van die regering ontevrede was, die landdros weggeja en 'n republiek opgerig het, tot bedaring te bring. Die hof het bestaan uit die here Olof Gotlieb de Wet en kaptein Von Hugel. Na 'n baie kort verblyf is hulle verplig geword die distrik te verlaat en moes hul onverrigter sake terugkeer. Gedurende die eerste Britse administrasie (1795—1803) het Truter sy goewermentspos behou, maar toe die Bataafse Republiek die bestuur in hande kry, het hy dit verloor. Egter die goewerneur Janssens het dadelik ingesien dat hy van die dienste van so 'n knap amptenaar as Truter 'n goeie gebruik kon maak, en dit het gelei tot sy aanstelling as goewerments-sekretaris in opvolging van Mnr. J. H. Neethling, wat weens swakke gesondheid moes bedank. Soos bekend, het die bestuur van die Kaap deur die Bataafse Republiek maar net drie jare geduur, want op 10 Januarie 1806 het Janssens die ongeluk gehad om die Kaapstad by kapitulasie aan Engeland te moet oorgee, nadat daar op 8 Januarie 'n geveg plaasgehad het naby Blaauwberg. By die kapitulasie wat in Papendorp (nou Woodstock) geteken is, was Truter as goewermentsekretaris teenwoordig, en het hy as getuie van Janssens opgetree. En toe die laasgenoemde die Kolonie verlaat het, het hy by die Engelse goewerneur, Sir David Baird, dringend die bekwame dienste van Truter aanbeveel. "Mag ek," so het Janssens geskrywe, "eindig met 'n baie besonder versoek, nl., dat u Eksellensie sy goeddadigheid mag skenk aan my bekwame en edele vriend, die gewese sekretaris van die goewerment, Mnr. J. A. Truter; hy is waardig die vriend van alle eerlike mense te wees. Laat hom nie gedwing word om 'n openbare amp te aanvaar nie, solank as hy van oordeel is dat dit onbehoorlik en in stryd is met sy gevoelens. Sy bereidheid om nuttig te wees vir die Kolonie, gepaard aan die gevoel van 'n gevoelige en eerlike man, sal, as deur u Eksellensie benodig, die hoogste verwagting bevredig. Ek kan my neerlê by die denkbeeld om self ongelukkig te wees, maar nie by die gedagte dat 'n verdienstelike man van dié land moet ly as gevolge van sy gehegtheid aan en liefde vir my."

Dit skyn asof Truter vereers nie onder die nuwe regiem wou diens neem nie, hoewel hy lid was van die Graankommissie, wat die goewerneur in 1806 aangestel het. Drie jaar lank het hy privaat as advokaat gepraktiseer.

## TWEE KERKVADERS.



SIR J. A. TRUTER,
Stigter van die Gemeente.



DR. ABRAHAM FAURE,
Eerste Konsulent van die Gemeente.

## FISKAAL (1809—1812).

In 1809 is die Fiskaal W. S. van Ryneveld gepromoveer tot President van die Hof van Justiesie, en toe bied die goewerneur die vakante betrekking vir Truter aan. Die fiskaal se werk was dieselfde as dié van 'n hedendaagse publieke aanklaer. Truter was huiwerig om dit te aanvaar, vernaamlik van weë die wetlike bepalings dat die fiskaal in alle kriminele vervolgings 'n derde deel van die boetes, deur die hof opgelê, sou ontvang. Die goewerneur, wat baie begerig was om sy dienste te verseker, het die moeilikheid oorwin deur 'n voorstel om hom 'n salaris van 10,000 Rds. i.p.v. die gewone 5,200 Rds. toe te ken, op voorwaarde dat die fiskaal se aandeel van die boetes in die skatkis sou gestort word, en met die verder bepaling, indien dit die end van die jaar blyk dat die totale bedrag also inbetaal groter was as die verhoogde salaris, dat die fiskaal die vermeerdering moes geniet. Onder dié bepalings het Truter aangeneem.

## HOOFREGTER (1812—1828).

In 1812, toe Van Ryneveld aftree as President van die Hof van Justiesie, is Mnr. Truter in sy plek aangestel, en van dié tyd af is die tietel van hoofregter in gebruik gekom. Die sittings van die hof is altyd in die Kasteel gehou geword tot 1815, toe 'n afdeling in die ou slaweloge aan die bo-end van die Heeregracht deur die Regering verander en as 'n nuwe hofsaal in gereedheid gebring is. Die hoofregter het die gebou ingewy met 'n lang toespraak, wat raadgewings insluit vir al die amptenare wat met die uitoefening van die reg in verband gestaan het, en wat eindig met hierdie uitroep: "O gelukkig land! daar de regters niet door menschenvrees geleid, maar door Godsdienst en geweten worden aangespoord om in het beoordelen van ons lijf, leven, eer en bezitting en het beeld des rechtvaardigen Gods steeds voor ogen te houden, en zich te herinneren dat zodanig als zij over ons geoordeeld hebben, zij ook verwachten voor de Goddelike Rechterstoel na dezen eenmaal geoordeeld te zullen worden."

Die hoofregter was ook *ex officio* President van die Weeskamer. In 1820 is Mnr. Truter in erkenning van sy dienste deur Koning George IV tot die ridderstand verhef. Hy was die eerste Afrikaner wat gewillig was om 'n "Sir" van Engeland te word. As Kommissaris-Politiek het hy die Regering verteenwoordig op die eerste Sinode van ons Kerk wat in 1824 gehou is, en wat hy met 'n gepaste aanspraak geopen en met goeie raadgewing gedien het.

Hy het as hoofregter gedien tot 1828, toe die ou Hof van Justiesie afgeskaf en 'n Hooggeregshof in die lewe geroep is naar Engelse model. In die buitedistrikte is die landdroste en heemrade afgedank en siviele kommissarisse, resident-magistrate en vrederegters in hul plaas aangestel. Die Hollandse wet het wel van krag gebly, maar die vorms van regspleging, wat toe in werking gekom het, was ooreenkomstig met dié wat in Engeland in gebruik was. Dit reeds het ontevredenheid verwek, maar die grootste verbittering is onder die burgers en veral die landelike bevolking ontstaan deur die onderdrukking van die Hollandse taal in verband met die regspleging en regeringsdiens. En Sir John Truter moet

ook aanspreeklik gehou word vir hierdie ingrypende veranderings en vir die onbillike en minagtende wyse waarop die Hollandssprekendes behandel geword is. Immers hy was lid van die Raad van Advies wat in 1825 ingestel is en wat die goewerneur moes bystaan en raad gee in alle voorkomende sake van belang.

## LAASTE WERKSAAMHEDE (1828—1845).

Nadat Sir John op pensioen afgetree is, het hy stil gaan woon op die Kampgrond in Nuweland, naby die Kaapstad, en af en toe het hy 'n besoek gebring aan sy plaas wat aan die Kleinrivier in die Caledonse distrik geleë was. En hoewel hy nie aktief in regeringsdiens was nie, het hy hom altyddeur aktief betoon in alle sake wat tot ware nut en heil van sy landgenote was. So was hy b.v. in 1829 voorsitter van die vergadering wat in die konsistoriekamer van die Grote Kerk gehou is en waarop tot die oprigting van die Suid-Afrikaanse Kollege besluit is. Die Ned. Ger. Kerk, waarvan hy 'n waardig lid was, het hy hartstogtelik liefgehad. Van die Sendingsaak, soos dit sig destyds geopenbaar het in belang van die slawe en heidene, was hy 'n getroue ondersteuner. In 1842 het hy 'n groot skade gehad deur 'n noodlottige brand, wat op sy plaas aan die Kampgrond plaasgevind het. As gevolg daarvan was hy genoodsaak in die Kaapstad te gaan woon. Voor sy vertrek uit die Wynbergse gemeente het die Kerkraad hom op gepaste wyse bedank, soos blyk uit die volgende resolusie, wat op 'n gemeentevergadering 15 Junie 1842 geneem is: "Dat de gemeente vernomen hebbende dat haar waardig medelid Sir Johannes Andreas Truter het voornemen heeft zich bij het einde dezer maand met ter woon naar de Stad te begeven, van deze gelegenheid gaarne gebruik maakt om openlijk te erkennen de vele en belangrijke diensten door ZHEd. aan haar bewezen, vooral bij hare stichting, en nog lang daarna, welke onder den zegen des Allerhoogsten, in geene geringe mate gestrekt hebben om de bloei en welvaart te bevorderen waarin de Gemeente zich thans mag verblijden. Dat de Gemeente steeds met ware dankbaarheid aan die diensten zal blijven gedenken, opregte gevoelens van de grootste hoogachting voor ZHEd. koesterende. Dat de Gemeente met innig leedwezen en hartelijke deelneming den ramp vernomen heeft, waardoor onlangs zulk een belangrijke gedeelte van ZHEd.'s bezitting en vruchten van zijn arbeid zijn in de assche gelegd, terwyl het onder hare vurigste wenschen behoort dat het den Almachtige moge behagen ZHEd. verder voor alle rampen te behoeden, nog lang in het genot van gezondheid en voorspoed te sparen, den avond zijns levens te veraangenamen door de zoete en welgegronde hoop op een zalige rust in de toekomst, en hem eens na eene zachte ontbinding van het stoffelijke, de vervulling dier hoop te doen aanschouwen in het genot der Hemelvreugde, die de Heer Jezus Christus voor de Zijnen daarboven heeft bereid." Sir John het daarna nog drie jaar geleef. Hy is op 5 Junie 1845, in die hoë ouderdom van 81 jare en 8 maande, oorlede. Sy laaste woorde aan sy leraar, Dr. P. E. Faure, was: "Ik zal uitgaan als een kaars; mijn gebed is verhoord; mijn einde is vrede in Jezus Christus."

*De Zuid-Afrikaan* van 7 Junie 1845 het in 'n "In Memoriam" o.a. dit van hom getuig: "Hij stierf gelijk hij geleefd had—bedaard, gerust

## TWEE KERKMOEDERS IN DIE OU TYD.



MARIA BARENDINA BECKER, [*Foto De Geus.*
Getroud met (1) J. F. Dreyer en (2) J. Letterstedt.
*Sien bl.* 88.



ANNA CATHARINA NEETHLING,
Getroud met Kaptein Blanckenberg.
*Sien bl.* 88.

en gelaten. Hij was 'n groot sieraad voor zijn professie. Na de vele wisselingen welke hij in dit leven ondervond, en de vele ambten welk hij bekleedde, stierf hij arm, maar geërd, geacht en bemind."

Die begrafnis het Saterdag, 7 Junie, uit die Grote Kerk plaasgevind na 'n indrukwekkende rede deur Ds. P. Faure. Die lyk is met masonieke eerbetonings in die ou kerkhof langs die Somerset-weg bygeset.

Lady Truter, gebore Sara Alida de Wet, het haar eggenoot enige jare oorleef. Sy is in 1849 gestorwe en naas hom begrawe, en op hul gesamentlike marmer gedenksteen, wat later op die graf opgerig is, maar nou aan die voormuur van die Grote Kerk te sien is, kan 'n mens die volgende opskrif lees: "To the Memory of Sir John Truter, Knight, Chief Justice, obiit 1845, aged 81, and Lady Sophia Truter, obiit 1849, aged 79." Begryp alles in Engels! Maar dit was volgens die mode van die tye, toe baie Afrikaners gereken het dat hulle nie in tel sou wees nie tensy hulle hul lyf Engelsman hou.

IV.

# Eerste Kerkgebou en Pastorie.

## HOEKSTEENLEGGING.

'n Maand na die stigting van die gemeente het die Kerkraad aanstalte gemaak om 'n geskikte stuk grond van die Goewerment te verkry om daarop 'n kerk te bou. Die aansoek is toegestaan en 'n stuk grond op die hoogte waar die kerk vandag nog staan vir die gevraagde doel toegeken, soos die Goewerneur geskryf het "on condition that the land so granted shall be resumable, if the Church be not commenced within Nine, and finished within Eighteen months, from the date thereof, viz., the 3rd March, 1831." Die Kerkraad het nie gras onder hul voete laat groei nie, want reeds op Woensdag, 24 Augustus 1831, het die hoeksteenlegging plaasgevind. In *Het Z.A. Tijdschrift* van daardie jaar staan die volgende berig van die plegtigheid:—

"Op den 24 Augustus is de eerste steen eener Hollandsche Gereformeerde Kerk in de nabijheid van de Wynbergen of Kampgrond, gelegd geworden door den HoogEd. Heer Sir John Truter, in tegenwoordigheid van Zijne Excellentie den Gouverneur Sir Galbraith Lowry Cole en suite, eene deputatie van de Lutersche gemeente en een aantal respectabele ingezetenen en leden van gez. Kerk. De WelEerw. Heer Abr. Faure, B.D., Predikant aan de hoofdplaats, heeft bij die gelegenheid eene gepaste redevoering gehouden en het werk van den dag is met een behoorlijk gebed en het zingen van liederen geëindigd."

Onder die liedere was ook "God Save the King." In die Notule staan geboek "dat aan de vergaderde menigte vertoond werd de Bus, welke ter gedagtenis van deze plechtigheid onder den Hoeksteen stond te worden gelegd, terwyl door den fungeerende Secretaris des Kerkeraads de inhoud

van het Perkament in de Bus besloten, in het openbaar werd voorgelezen, luidende als volgt:—

In den Name Gods!

Onder de Vaderlyke Regering van Zyne Groot-Brittannische Majesteit Willem den Vierden,

is deze Hoeksteen van de Nederduitsche Hervormde Kerk aan de

WYNBERGEN,

op Woensdag den 24 Augustus, in het Jaar onzes Heeren 1831, gelegd, door den Hoog-Edelen Heer Mr. J. A. Truter, Ridder.

---

HOOFD-AMBTENAREN.

Zyne Excellentie Sir Galbraith Lowry Cole, K.C.B., Gouverneur en Opperbevelhebber, enz. enz. enz.

De Hoog-Edele Sir John Wylde, Ridder, Hoofd-Justicier.

De Hoog-Edele Colonel John Bell, C.B., Koloniale Secretaris,

De Wel-Edele Heer W. Mackay, Civiele Commissaris.

De Wel-Edele Heer P. B. Borcherds, Magistraat.

KERKBESTUURDERS.

De Wel-Eerwaarde Heer A. Faure, B.D., Predikant in de Hervormde Gemeente aan de Hoofdplaats, Leeraar Consulent.

De Heeren A. van Breda Sen. en R. A. M. Cloete, Ouderlingen.

De Heeren C. Mosterd Sen., D. G. Eksteen, J. P. Cloete en W. van Schoor, Diakenen.

De Heer V. A. Schonnberg, Fungerende Secretaris.

MEDE-BESTURENDE COMMISSARISSEN TOT DEN OPBOUW DER KERK.

De Heeren T. F. Dreyer Sen., H. Cloete Hz. en J. J. Cruywagen Cz.

## INWYDING.

Die kerkgebou was binne agtien maande voltooi en is toe onder blyke van groot belangstelling plegtig ingewy, soos blyk uit die volgende nota in die Resolusieboek van die Kerkraad:—

AAN DEN WYNBERG.

Zondag, den 30ste September, 1832.

Heden is alhier plechtig ingewyd geworden het kerkgebouw, waarvan de Hoeksteen op den 26ste August des voorleden Jaars is gelegd.

De WelEerw. Heer A. Faure, onze Leraar Consulent, die deze plechtigheid verrigte, had zijnen tekst uit Exodus Capit XX het laatste gedeelte van vers 24: "aan alle plaatsen, waar ik mijns naams gedachtenis stichten zal, zal ik tot u komen en zal u zegenen," zijnde bij den aanvang van den Godsdienst gezongen geworden de vier eerste versen van den 84sten Psalm,—voor de predikatie het eerste Evangelische Gezang,—tusschenbeide het eerste vers van den 112den Psalm, en ten slotte de vier eerste versen van het 3de Evangelische Gezang.

Bij deze gelegenheid waren onder anderen tegenwoordig Zijne Excellentie de Heer Gouverneur met hoogst deszelfs gemalin en gevolg, de HoogEd. Heer Sir J. A. Truter, Ridder, de Civiele Commissaris van het Kaapsche District, de WelEd. Heer Wm. Mackay, de Regter van Police, de WelEd. Heer P. B. Borcherds, benevens Gedeputeerdens uit den Kerkenraad der Nederduitsche Hervormde Gemeente in de Kaapstad en der Evangelische Luthersche Gemeente, allen welke met de gewone plechtigheden werden ontvangen. Na eene zeer treffende Leerrede besloot de WelEd. Heer Faure met gepaste zegenwenschingen aan Zijne Majesteit onzen geeerbiedigden Koning, de Koningin, de Koninglijke Familie, Zijne Excellentie den Gouverneur en weldeszelfs Gemalin, den HoogEd. Heer Sir J. A. Truter, die tot het stichten dezer gemeente en van dit kerkgebouw met onvermoeiden ijver, raad en daad, heeft bijgedragen;—voorts aan allen die hierin zijn behulpzaam geweest, vervolgens aan de Ledematen dezer nieuwe gestichte Gemeente en eindelijk aan de Jongelingen en Jonge Dochters aldaar tegenwoordig. Welke plechtigheid met den meesten eerbied en in de volmaakste orde is afgelopen; zijnde bij deze gelegenheid gecollecteerd eene somma van Drie Honderd Vijf en Zeventig Rijksdaalders en Vijf Schellingen en voor het Doopen van zes kinderen ontvangen Negen Rijksdaalders.

En is van deze plechtigheid door mij op last van den Kerkenraad geformeerd deze Acte, ten einde bij de Acta's des Kerkenraads te worden geinsereerd, en dus *in rei memoriam* te worden bewaard.

Wynberg, datum ut supra.

V. A. SCHÖNNBERG,
Fung. Secrets.

## KERKVERGROTING.

Toe die gemeente van 'n vaste leraar voorsien was en behoorlik bearbei geword is, het dit spoedig nodig geword om die kerkgebou te vergroot. Die vergroting het noodsaaklik geword deurdat die getal kleurling-lidmate so geweldig toegeneem het, danksy veral die poginge van sekere Katkiseermeester A. Keet. Die eerste steen tot die aanbou en byvoeging van twee vleuels is op 1 Aug. 1842 gelê en die inwyding van die vergrote kerkgebou het plaasgevind 30 April 1843, in die teenwoordigheid van 'n groot skare van mense, waaronder die oud-goewerneur Sir Benjamin D'Urban, wat deur die Britse Regering uit sy diens ontslaan was omdat hy as 'n eerlike man dit aangedurf het om vir die regte van Hollandse Koloniste op te kom. Dr. A. Faure het die inwydingsrede gehou oor Psalm 84: 2. Die vergrote kerkgebou was 'n verbetering op die eerste en het diens gedoen tot 1889.

### PASTORIE, WATERLOO AAN DEN WYNBERG.

Die predikant moet gedurende die eerste jare in 'n gehuurde huis gewoon het. Dit het hom sowel as sommige weldenkende lidmate gehinder. En so het dit gebeur dat op 8 Okt. 1838 daar 'n gemeentevergadering gehou is om in oorweging te neem "Een verzoekschrift van eenigen der Ledematen ontvangen, om voorziening te maken tot het daarstellen eener Pastory voor den Leeraar." Sir John Truter het o.a. sy goedkeuring en medewerking aan die voorgestelde plan geheg, met die gevolg dat dit aangeneem is. Spoedig was n som van £500 vir die boufonds byeengebring. Daarna is weer 'n gemeentevergadering gehou waarop besluit is om instede van 'n nuwe Pastorie te bou, die plaas met woonhuis van "Captain Underwood met de Tuin en een gedeelte der Andere Landerijen" teen £2,000 vir die gemelde doel aan te koop. Met slegs £500 in hande het die Kerkraad dit toe nodig gevind na verkrege approbasie 'n gedeelte van die kerkgrond te verkoop, waarvoor £500 ontvang is, ter gedeeltelike afbetaling van die koopsom. Die orige duisend pond is renteloos vir vyf jaar deur drie lede van die gemeente voorgeskiet. Op 1 April 1839 het die leraar en sy familie die huis in okkupasie geneem, en van toe af was dit bekend as "De Pastorie te Waterloo aan den Wynberg." Die terrein heet Waterloo omdat volgens die oorlewering daar eenmaal gekampeer en gestasioneer was die sogenoemde "24th Regiment" wat aan die slag van Waterloo (1815) deelgeneem het en tydelik as gedeelte van die Kaapse Garnisoen hier diens gedoen het. Met hierdie Resjiment is verbind die name van twee kapteins, John Blake en Joseph Ferris, wat later hier getroud is met twee dames Buissinné, wat lede was van die Wynbergse gemeente. Die ou pastorie het diens gedoen tot dit vervang is deur die teenswoordige. 'n Paar buitevertrekke van die ou geboue staan nog.

---

## V.

## Dr. Philip Eduard Faure—Eerste Predikant.


**(1834—1882.)**

---


### AFKOMS.

Die Faure-familie spruit uit 'n Hugenote-geslag in Frankryk. Die Afrikaanse stamvader, Antonie Alexander Faure, het in die begin van die agtiende eeu na die Kaap geëmigreer en is hier getroud met Rachel, 'n dogter van die Franse Vlugteling Abraham de Villiers. Sy oudste seun Abraham was 'n vader van 'n groot familie, waarvan die jongste seun Jacobus Christiaan, later 'n welgestelde burger op Stellenbosch was. Laasgenoemde het sewe seuns gehad, van wie drie, Abraham, Hendrik Emanuel en Philip Eduard, vir die evangeliebediening bestem was. Die twede genoemde is egter as student in die godgeleerdheid aan Utrecht se Hoëskool in Holland in 1828 oorlede. Die vader moet 'n uiters waardige man gewees het. By geleentheid van sy begrafnis op 15 September 1834

## DR. PHILIP FAURE.



Op 40-jarige leeftyd. [Foto De Geus.



Op gevorderde leeftyd.

het Ds. T. J. Herold van Stellenbosch o.m. van hom gesê: "Hij was het zout van onzen gezelligen omgang, een zeer nuttig Lid der Maatschappij. Door eene bestendige oefening van zichzelven en eenen onophoudelijk werkzamen geest had hij zich zonder buitengewone middelen den weg gebaand tot hoogachting en eer; elk, die hem kende, gevoelde eerbied voor hem; vooral in zaken, de welvaart en belangen van 't land zijner geboorte betreffende, had hij zich zoodanig een kennis weten te verwerven, dat hij zich in vele belangrijke gevallen tot vraagbaak stelde." En in *De Zuid-Afrikaan* van 26 Sept. 1834 het van hom gestaan: "De warme belangstelling in alle ondernemingen, en de aanmoediging welke de achtenswaardige man steeds bij alle instellingen van verbetering en tot welzijn van zijn District, aan den dag heeft gelegd, hebben de Ingezetenen van Stellenbosch, in hem een grooten steun doen verliezen. Hij heeft niet alleen de aanzienlijke en vereerenswaardige betrekkingen van Fungerende Landdrost van Stellenbosh, en eenen langen tijd van Heemraad van dat District, alsmede Ouderling der Kerk bekleed, maar was tot op het laatste van zijn leven nog President van beiden het Stellenbosche Landbouwkundige Genootschap en de Tak Spaarbank alhier." Gebore in 1769, was hy getroud met Aletta Hendrina Blanckenberg en woonagtig op 'n landgoed op Stellenbosch, waarvan die woonhuis, wat nou Die Uitspan genoem word, nog staan.

## OPLEIDING IN HOLLAND.

Philip Eduard Faure was die jongste seun van die famielie. Hy is 1 Feb. 1811 op Stellenbosch gebore en het vroeg tekene gegee dat hy evangeliedienaar wou word. Toe sy oudste broer, Dr. Abraham Faure, in 1818 as predikant uit Holland teruggekeer en op Graaff-Reinet aangestel was, het Philip hom soontoe vergesel en daar vier jare lank skool gegaan, en toe die predikant in 1822 na die Kaapstad verplaas is het hy ook daarheen meegegaan. Uit die Kaapstad, waar hy verder voorbereidende onderwys ontvang het, is hy in 1828 na Holland vertrek vir sy teologiese opleiding aan die Utrechtse Hoëskool, en daar moet hy net kort voor sy ouer broer Hendrik Emanuel se dood aangekom het. Terwyl hy daar op studie was, het die kort stryd, die sogenoemde "Tiendaagsche Veldtocht" tussen Holland en België, uitgebreek. Faure het hom met nog 'n ander jong Afrikaner-student, J. C. le Fèbre Moorrees, die later predikant van Malmesbury en vader van Prof. Moorrees, by die Nederlandse geledere aangesluit, en albei het hulle so onderskei dat hulle met die metale Kruis versier is, waarop veral eersgenoemde baie trots was en wat hy by seker geleenthede dikwels op die bors gedra het.

## TERUGKEER IN SY VADERLAND.

Na volbragte studie, toelating en ordening tot die bediening in Holland in Mei 1834, het Ds. Faure sonder versuim na sv vaderland teruggekeer, want sy ou vader was ernstig siek. Toe hy egter op 19 September in die Kaapstad aanland was die vader al heengegaan en net vier dae tevore begrawe. Sy broer, Dr. Abraham, het die volgende berig aangaande sy

terugkeer en eerste optrede in *Het Z.A. Tijdschrift* van Desember 1834 geplaas:—

"Met genoegen kunnen wij de terugkomst alhier vermelden van onzen landsman, den Wel-Eerw. Heer Philip E. Faure, die na zijn studiën aan de Academie te Utrecht, in het Koningrijk der Nederlanden, te hebben volbracht als Leeraar voor de Nederduitsche Gereformeerde Gemeente, alhier is terug gekomen. Zijn Eerw. heeft op Zondag den 28 September in de Hoofdkerk in deze stad zijne eerste preek gedaan uit Hand. 10: 43, en heeft de gemeente ten hoogste voldaan. Zijn Eerw. heeft den volgende Zondag te Stellenbosch, en den Zondag daarop aan den Wynberg, almede tot algemeen genoegen dier gemeenten gepredikt, zoo dat wij onze Gereformeerde Kerk van harte kunnen gelukwenschen met de aanwinst van zoodanigen Leeraar. Zijn Eerw. is door de Ned. Hervormde Gemeente aan den Wynberg, Constantia, Rondebosch, enz., tot hunnen vasten Leeraar uitgenoodigd; en het strekt ons tot groot genoegen te kunnen zeggen, dat eene Deputatie dier Gemeente bij Zijne Exellentie den Heer Gouverneur aanzoek hebbende gedaan om zijn Eerw. van Gouvernementswege als hunnen vasten Leeraar bevestigd te mogen hebben, en wanneer de aanstelling van het Gouvernement alhier niet in het moederland mogte goedgekeurd worden, de gemeente zijn Eerw. zelf zoude onderhouden, Z.E. de Gouverneur geantwoord heeft, dat ofschoon de bevestiging of positieve aanstelling van eenen Gereformeerden Predikant aan den Wynberg, enz., niet in de magt van het plaatselijke Gouvernement was, hij echter de goedkeuring eener provisionele aanstelling door het Gouvernement alhier, ten sterkste in het moederland zoude aanbevelen; zijnde zijn Wel-Eerw. dus nu van 's Gouvernementswege provisioneel aangesteld als Leeraar voor de gemelde Gemeente."

## LEGITIMASIE.

Ds. Philip was die heel eerste predikant van die Kaapse Kerk wat op 30 Sept. 1834 volgens bepaling van die Sinode offisieel by die Actuarius gelegitimeer is deur ondertekening van 'n formule wat van die volgende inhoud was:—

"Wij ondergeteekenden Predikanten der Hervormde Kerk van Zuid Afrika verklaren in goeden gemoede, de leer welke overeenkomstig Gods Heilig Woord vervat is in de Formulieren van Eenigheid der Nederlandsche Hervormde Kerk, hartelijk te omhelzen, belovende dezelve overeenkomstig de bepalingen door de Synode der Hervormde Kerk van Zuid Afrika gemaakt, getrouw te willen leeren, en ons in alles overeenkomstig de Synodale Wetten en verordeningen stiptelijk te zullen gedragen, ons onderwerpende aan het oordeel van het Synodaal Kerkbestuur, indien daartegen door ons mogt gehandeld worden."

Toe die Goewerneur nie die versekering kon gee dat die aanstelling van Ds. Faure sou bekragtig word nie, het die Kerkraad geantwoord dat die gemeente by ontstentenis van die bekragtiging self verantwoordelik sou wees vir die onderhoud van hul leraar, en hulle het dit ook jarelank gedoen, sonder enige onderstand van die Regering, tot 'n bedrag van £1,100. Die approbasie van regeringsweë is egter later, in 1840, verleen.

**BEVESTIGING.**

In *De Zuid-Afrikaan* van 5 Des. 1834 verskyn die volgende kennisgewing:—

WYNBERGSCHE KERK.

De bevestiging van den WelEerw. Heer. P. E. Faure, als Predikant dezer Gemeente, zal op den 7 December eerstkomende geschieden door den Consulent dier Gemeente, den WelEerw Heer A. Faure. De bevestigde zal op den namiddag van dien dag zijn intreerede houden, zullende de Godsdienst des morgens te 10 uren en des namiddags te 3 uren een aanvang nemen.

A. VAN BREDA, Ouderling.

Wynberg, den 19 November, 1834.

Ingevolge hierdie bekendmaking was daar op die gemelde datum—dit was 'n Sondag—gewis 'n groot skaar van gemeentelede byeen om hierdie indrukwekkende plegtigheid by te woon. Ongelukkig bestaan daar nie 'n verslag van die verrigtinge nie, dog die bevestigingsrede wat Dr. Abraham Faure by dié geleentheid gehou het, is in *Het Z.A. Tijdschrift* van Sept.—Okt. 1835 opgeneem. Daaruit blyk dat die tema van die preek was: "De Pligt en de Wederzijdsche Betrekking van Leeraar en Gemeente" en wel na aanleiding van 2 Tim. 4: 2: "Predikt het woord: houdt aan tijdelijk, ontijdelijk; wederlegt, bestraft, vermaant in alle langmoedigheid en leer." Die preek beslaan 27 bladsye druks en dit moet seker langer as 'n uur geneem het om dit te lewer. Aan die slot het die redenaar sy broer baie persoonlik en plegtig aangespreek as volg:—

"Doch welke gewaarwordingen overstelpen myn hart, daar ik my tot u rigte, hartelyk geliefde Broeder, met wien de banden, door de natuur naauw tusschen ons gelegd, naauwer worden toegehaald, door die heilige bediening, waarin wy beiden door God zyn geplaatst. Zie ik u hier als Christen leeraar, vroegere dagen komen dan voor mynen geest, en ik denk aan dien geliefden broeder, die daar den lof des Heilands vermeldt, welken hy hier aan zyne landgenooten zoo gaarne had willen verkondigen, en wien gy den laatsten ademsnik hebt zien geven; ik gevoel my geroerd in het binnenste van myn gemoed, doch ik aanbid met diepen eerbied het diep geheim van Gods ondoorgrondelyken raad. Zie ik u in deze gewigtige betrekking, staande voor een dierbare weenende moeder, wier hart aan de pynlykste wonde bloedt, daar zy de tegenwoordigheid van dien getrouwen gezel haars levens mist, die den dag wenschte te aanschouwen, waarop uwe stem in de gemeente zou worden gehoord, hoe levendig herinner ik my nu den last, dien hy my gaande u gaf, voor wien zyne vurige gebeden tot God werden opgezonden zelfs in zyne hevige krankheid. Ja, nog klinkt zyne stem in myne ooren; nog gevoel ik den handdruk, waarmede by my den last opdroeg, toen hy stervende tot my zeide, daar hy uwen naam noemde: 'Zeg hem, dat hy getrouw zy, in de bediening welke hy op zich heeft genomen, dat hy Jezus Christus en dien gekruisigd predike.' Dit was de last, welke ik van uwen en mynen onvergetelyk dierbaren vader ontving, toen hy zoo gereed was de wereld te verlaten, en welken last ik u heden openlyk opdraag, geliefde Broeder; kwyt u van denzelven; dan

zult gy ook 'getrouw het woord prediken, gy zult wederleggen, vermanen, bestraffen, tydig en ontydig, met alle langmoedigheid en leere.' "

## KERKLIKE LEIDSMAN.


Ds. Faure was slegs drie-en-twintig jaar oud toe hy as predikant bevestig is, dog het spoedig deur sy getroue herderlike werk, ernstige prediking en geniale omgang die algemene vertroue gewen. In die Sinodale Vergadering het hy gaandeweg invloed verwerf en uitgeoefen, met die gevolg dat hy reeds op die Sinode van 1847, toe hy slegs ses-en-dertig jaar oud was, tot Moderator gekies is. Met uitsondering van Andrew Murray, was hy die jongste moderator wat die Kaapse Kerk ooit gehad het. Tot viermaal toe is hy tot dié waardigheid gekies, en driemaal het hy die assessorskap waargeneem. In 1848 is hy saam met Dr. W. Robertson deur die Sinodale Kommissie afgevaardig om die Voortrekkers benoorde die Oranjerivier te besoek en geestelik te versorg. Die deputasie het die eerste stoot aan die stigting van die gemeentes Bloemfontein en Smithfield gegee, en deur hulle is op die lange reis—hulle het tot in die Transvaal deurgedring—920 kinders gedoop en 628 jongmense tot lidmate aangeneem. Hierdie afvaardiging het geskied met medewete en saamwerking van die Regering, wat gebruik gemaak het van die diens van twee vooraanstaande en toonaangewende Hollandse predikante om die gemoedere in die Vrystaat—dit was net na die anneksasie van die geweste en die slag van Boomplaats—tot bedaring te bring.

Dr. Faure was in die volle sin van die woord 'n getroue en bekwame kerklike leidsman. Deur sy besadigde oordeel en veelsydige bekwaamheid deur sy goeie humeur en geniale omgang, deur sy vaardigheid en gevatheid, deur sy takt en sakekennis het hy 'n weldadige invloed uitgeoefen, wat by dié van geeneen van sy tydgenote agtergestaan het nie. Dit was hierdie hoedanighede en deugde wat aanleiding gegee het dat op sy skouers verder en voortdurend uiters verantwoordelike pligte gelê is by die reeds genoemde, soos b.v. die Kuratorskap van die Teologiese Kweekskool, waarvan hy een van die stigters was, die Quaestorskap van die Sinodale en Predikante-Weduweefondse, die lidmaatskap van die Sinodale Kommissie, die Scribaat van die Kaapstadse Ring en die eerste uitgaaf in 1850 van ons Kerkalmanak en die redaksie daarvan tot aan sy dood. In *De Kerkbode* van 22 November 1856 kom hierdie stukkie "Kerknieuws" voor: "De Theologische Faculteit van de Academie der Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Nieuw Brunswijk in Noord Amerika, heeft in de maand Julij ll. tot Doctor in de Godgeleerdheid, *honoris causa,* bevorderd den WelEerw. Heer P. L. Faure, als een blijk van hare belangstelling in de Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, en als een welverdiende onderscheiding voor den persoon, aan wien de eer wordt aangeboden." Daardie Akademie het homself geëer deur die eer wat hulle die vereerde aangedoen het.

## HERDER EN LERAAR.

Dr. Faure was voor en bo alle andere werksaamhede herder en leraar by uitnemendheid. Dit blyk, om slegs een bewys te noem, uit die hulde

AFRICANA



Die Kerksaal, [Foto De Geus.
vroeër as skoolgebou gebruik.



Die Kerkgebou, Philippi. [Foto De Geus.

wat hom deur sy gemeente by die herdenking van sy vyf-en-twintigjarige bediening in Desember 1859 betoon is. Die herdenking is op sulke luisterryke wyse gevier dat ons hier 'n verslag van die verrigtinge uit *De Kerkbode* van dié dae laat volg as 'n voorbeeld van die getrouheid waarmee 'n predikant sy werk gedoen en die agting, liefde en waardering wat sy gemeente hom bewys het.

WYNBERG, 5 Dec.—De dag van gisteren, op welke onze geliefde Leeraar, de WelEerw. Zeer Gel. Dr. P. E. Faure zijne 25-jarige Evangeliebediening in ons midden vervulde, was een heugelijke, zalige feestdag voor kudde en herder beide. Ofschoon hier 's Zaterdags avonds anders geene godsdienstoefening wordt gehouden, zoo gevoelden wij thans echter behoefte om door eenen plegtigen bedestond ons voor te bereiden tot eene waardige viering van het feest op den volgenden dag. Onze Zendeling, de Eerw. Ruytenbeek, ging ons voor, smeekende dat door de werking van den H. Geest de feestviering mogt geheiligd en gezegend zijn aan de harten der Gemeente zoo wel als van den Leeraar. De Wel-Eerw. Dr. Faure opgetreden zijnde, sprak een kort ernstig woord, waarna Z.Eerw. ons andermaal tot den troon der genade leidde, en door hartelijke dankzegging en vurig gebed overtuigend bewees, dat hij al het gewigt van den volgenden dag gevoelde, gelijk hij zulks voor 25 jaren gevoeld had, toen hij op het punt stond de gewigtigste verbintenis zijns levens aan te gaan. Geen wonder dan ook, dat wij met heilige verrukking den morgen van den H. Sabbath begroetten. De natuur scheen mede feest te vieren, 't was een heerlijke ochtendstond, en reeds vóór acht ure waren talrijke scharen zoo van vreemdelingen uit Kaapstad, Simonsstad en elders, als van gemeenteleden zelve op 'n kerkplein vereenigd, met het doel om zich van eene plaats te verzekeren, en naauwelijks waren ten 9 ure de tempeldeuren geopend, of de BB. Diaken A. van Breda en H. Dreyer werden overstelpt met aanzoeken om zitplaatsen, waaraan zij nogtans onmogelijk volkomen konden voldoen, want ofschoon de kerk ruim 600 derzelve bevat, en er thans zoo in de consistoriekamer als op andere beschikbare ruimten, vele extra banken en stoelen waren geplaatst, zoo moesten nogtans van eene schare van minstens 1000 personen, velen zich met enge staanplaatsen vergenoegen. Te kwart voor tien ure zag men het zangkoor, feestelijk getooid in processie optrekken van de school naar 't kerkgebouw en plaats nemen op de galerij. Precies ten tien ure beklom de feestvierende Leeraar den kansel en ontving al aanstonds een treffend bewijs van der Gemeente's belangstelling, daar Z.W. Eerw. zegenend werd ontvangen met de woorden van Ps. cxxxiv: 3. Na het uitspreken van het votum en de zegenbede, las Z.W.E. een paar toepasselijke Kapittels uit de H.S., en zongen wij daarop met begeleiding van 't muziek- en zangkoor Ps. lxvi: 4, 8, 10. Vervolgens gaf onze Leeraar een allerbelangrijkst overzigt van hetgeen door hem in de 25 jaren, vooral in betrekking tot onze Gemeente en onzer dochter de Simonstadsche, was verrigt. Bijzonder trof het ons, te hooren o.a., dat de Gemeente 25 jaren geleden in 't geheel slechts ruim 200 leden telde, terwijl wij nu reeds tot "twee heiren" zijn geworden; Simonsstad, bevattende 240 en Wijnberg met 740 lidmaten. Hadden wij voormaals ***niet ééne*** school, nu bevat onze parochie 4 kerkscholen, met 6 onderwijzers en Simonsstad eene. Was er vroeger geen enkele kleurling lidmaat, thans bevat *onze* Gemeente alleen ruim 250 leden uit de heidenen gewonnen.

Waren er tonnen gouds noodig geweest om de kerk te bouwen en te vergrooten, pastorie aan te koopen, scholen en onderwijzerswoningen op te rigten, nogtans, dank zij der weldadigheid van deze *niet rijke* Gemeente, niet alleen wij zelve zijn buiten schuld, maar wij hebben allen grond om te hopen, dat ook onze dochter-Gemeente in de volgende week van schuldlast ontheven zal zijn. Moest men elders weleens verdeeldheid tusschen Leeraar, Kerkeraad en Gemeente betreuren, hier scheen de God der liefde zijnen zegen in dubble mate te hebben willen schenken, daar zelfs het Notulenboek des Kerkeraads *geen enkel* protest bevat, ofschoon op verre na de besluiten niet met algemeene stemmen werden genomen. Uitwendig was de Gemeente *herschapen,* en ofschoon geestelijk leven op verre na niet algemeen wordt bespeurd, toch zijn er velen, die in woord en wandel bewijzen, dat de bediening des H. Woords niet ongezegend bleef. Niet te verwonderen dan ook, dat de schare aan 't einde van dit belangrijk overzigt uit vollen borst aanhief: "Loof, loof den Heer mijn ziel! met alle krachten" (Ps. ciii: 1), en met heilige aandoening haren Herder volgde, als hij haar leidde tot den troon der genade. Nadat aller vromen gemoed een levend "amen!" had uitgesproken op de zielaangrijpende gebeden van den waardigen dienstknecht des Heeren, werden wij verder gesticht door een plegtigen koorzang, waarna onze Leeraar, naar aanleiding van Phil. iv: 1, in eene korte, doch kernachtige rede ons duidelijk maakte, *waarom* de Gemeente de blijdschap en kroon des Leeraars is, en *wie zij zijn,* die hem deze vreugde en eere bereiden; terwijl het pathetisch woord aan 't einde, gewisselijk tot het hart van velen is doorgedrongen. Worde het maar door den H. Geest bevrucht!

Andermaal verhief zich nu het statig koorgezang, waarna wij met zegeningen overladen, bij monde van onzen Eerw. Voorzanger, ons lof- en dankoffer den Heere toebragten, terwijl vervolgens Gez. 192: 10 werd gezongen en de godsdienstoefening met het uitspreken van den Apost. zegen besloten werd.—Ofschoon nu de Predikant in de consistoriekamer terugkeerde, zoo behield de Gemeente hare plaats, en weldra werd Z.Eerw., gevolgd door een Commissie van Oud-Ouderlingen, de BB. Corn. Mostert Sr. en J. A. Louw Sr., die hem verzochten voor den predikstoel te willen plaats nemen. Inmiddels hadden Kerkeraads- en Oud-Kerkeraadsleden in vereeniging met onzen Zendeling, zich in processie buiten om de kerk begeven, en traden nu, onder 't spelen des orgels, door de hoofddeur binnen. Voorop de drie dienstdoende Ouderlingen: S. J. Mostert Sr., dragende een prachtigen zilveren beker met toepasselijke inscriptie: E. G. Landsberg eene sierlijke beurs bevattende £150, en S. V. Cloete Sr. een hartelijk en talrijk geteekend adres, keurig met gothische letteren op perkament bewerkt door den jeugdigen, doch veel belovenden kweekeling der Gemeente, Adr. van Helsdingen. Binnen het doophek geschaard, gaf Br. Cloete het volgende adres over aan den Scriba J. A. Truter Oz., die hetzelve met veel gevoel voorlas:—

Wijnberg, 4 Dec. 1859.

*Aan den W.Eerw. Zeer Gel. Dr. Philip Eduard Faure, Predikant der Nederd. Gereform. Gemeente te Wijnberg.*

Wel-Eerwaarde Zeer Gel. Heer!—De ondergeteekenden, Ouderlingen, Diakenen en verdere Leden dezer Gemeente gevoelen zich gedrongen op

dezen feestdag, zoo gewigtig voor u, zoo belangrijk en onschatbaar voor ons, eerst en vooral het gezegend Hoofd der Kerk te danken, voor het onwaardeerbaar voorregt eenen Leeraar te mogen begroeten, die de 25 beste jaren zijns levens wijdde aan de behartiging onzer hoogste belangen, en u den *Geestelijken Vader* van velen, den *Vriend* van ons allen, onze hartelijke gelukwenschen aan te bieden. Wars van alle vleijende loftuiting als gij zijt, onthouden wij ons, ook van het leveren der flauwste schets van uwen onvermoeiden, onbegrijpelijken, zaligen arbeid in ons midden.—De *Groote Landman,* die den woesten staat van dezen *Wijnberg* nog beter dan gij zelven kende, Hij heeft uw werk aanschouwd, uwe zweetdroppelen, uwe tranen geteld; uwe zuchten en gebeden gehoord; maar hij schenkt u ook thans, na 25 jaren zwoegen en slaven, de voldoening, om niet slechts te mogen blikken op eenen wijngaard, die uitwendig gezuiverd, ja als herschapen is, maar waarin gij, als loon uwer onverdrotene beijveringen, menigen vruchtdragenden wijnstok moogt aanschouwen, terwijl vele anderen reeds zijn waardig gekeurd overgeplant te worden in 'n *Hemelsch Paradijs.*

Wij weten het, Hooggeachte Vriend! het hoogste loon van uwen moeitevollen arbeid, aan deze zijde des grafs, vindt gij in de *goedkeuring* van uw *geweten* en in de *Liefde der Gemeente,* doch juist daarom verzoeken wij u nevensgaand stuk zilverwerk als een gering offer onzer innige hoogachting en toegenegenheid te willen aannemen. En verstouten wij ons ook eene goudbeurs daarbij te voegen, verre, zeer verre blijve de gedachte van ons,— dat wij uwe groote verdiensten, ten opzigte van onze Gemeente in 't bijzonder, of van de Kerk in 't algemeen, zouden kunnen vergelden; neen, dit vermag alleen onze God en zijn Christus, die u getrouw geacht heeft, u in de H. Bediening gesteld hebbende.

Worden onze gebeden verhoord, dan spare de Heere u nog vele jaren ten zegen *onzer Gemeente,* tot heil onzer *dierbare Gereformeerde Kerk;* dan doe Hij u nog lange in ons midden wandelen aan de hand eener echtgenoote, uwer waardig; dan doe Hij u bij voortduring vreugde van uw kroost beleven, en dan worde eenmaal de zilveren kroon verwisseld in eenen gouden, ja, in die onverwelkelijke kroon, welke de Heer der Heerlijkheid zijnen discipelen schenkt, als Hij zegt: "Wel gij *goede* en *getrouwe dienstknecht,* over weinig waart gij getrouw, over veel zult gij gesteld worden,— ga in in de vreugde uws Heeren." Amen.

Uwe heilwenschende Vrienden, Broeders en Zusters in den Heere.

(Geteekend door 't grootste deel van de Leden der Gemeente.)

Naauwelijks waren adres en geschenken den feestvierenden en toch diep bewogen Leeraar aangeboden, of eene processie van Kerkeraads- en Oud-Kerkeraadsleden van de Simonsstad naderde, die bij monde van den Diaken P. J. Hugo, mede een hartelijk adres, alsmede een sierlijk schrijfen een net kleedkistje op 't altaar der liefde offerden. Eindelijk naderde de Eerw. Heer Ruytenbeek met eene deputatie uit de kleurling-lidmaten, die hun geliefden Leeraar verzochten niet alleen een door hen geteekend adres, maar ook een sierlijk bewerkten inktkoker met zilveren randen, benevens eene beurs van £5 te willen aannemen. Innig getroffen door

zoo vele blijken van liefde en hoogachting, kon de begaafde Redenaar naauwelijks woorden vinden om zijnen dank te betuigen, echter hoe kort zijn antwoord ook mogte zijn, het overtuigde ons op nieuw hoe levendig onze Leeraar het gewigt van zijn H. Ambt gevoelt, en geeft alzoo de hoop, dat zijn volgende arbeid niet minder gezegend zal zijn dan tot heden.

Strekte de viering van dit feest om den band, die Herder en Kudde verbindt nog naauwer toe te halen, wij voldeden dan ook gaarne aan 't verzoek om met Z.Ew. het laatste vers van Ps. cxxxiii aan te heffen; waarop de Gemeente, na het uitspreken van den Oud-Hoogepriesterlijken zegen scheidde. De collecte bedroeg ruim 12 pond st.

In den namiddag was de schare, die opkwam om hare feestviering voort te zetten niet veel minder dan des morgens, en te 4 ure werd zij dan ook hervat door het zingen van Gez. i: 4. Inmiddels had de grijze, oudste Leeraar van de Kaapstad, de W.Ew. A. Faure, bij de stichting der Gemeente in 1829 tot Dec. 1834 onze Consulent, den kansel bestegen. Was Z.Ew. door zijne ambtspligten dien morgen verhinderd, naar zijnen wensch, zich in ons midden te bevinden, des te meer verblijdde het ons hem zich in den namiddag met de leiding en voortzetting van het feest te zien belasten; te meer, daar hij het was, die voor 25 jaren zijnen Broeder, onzen hooggeschatten Leeraar en Vriend, bij ons had ingeleid en hem in de H. Bediening had bevestigd met de woorden van den Apostel *Paulus*, 2 Tim. iv: 2. De woorden van Ps. cxviii: 1, 2, ons door den spreker in den mond gelegd, werden met heilige geestdrift gezongen, alvorens wij andermaal met dankzegging en gebed tot den troon der genade kwamen, terwijl vervolgens een nieuwe koorzang het zijne bijdroeg om ons met hooge belangstelling de feestrede te doen volgen, die de Spreker voordroeg naar aanleiding van Ps. cxi: 1a: "Hallelujah", nog een koorzang, en nu den Heere geloofd en geprezen voor al het goede aan ons en aan zijne dienstknechten, onze voorgangers op dit feest, verleend, waarna wij nogmaals zingende, den zegen onzes Gods afsmeekten over den persoon en den arbeid van onzen beminden Herder en Leeraar, met de woorden van Gezang xci: 3. Ten slotte ontvingen wij biddende 's Heeren zegen, doch wij konden niet scheiden alvorens wij met de woorden van Ps. cxxxiv: 3 onzen Heer hadden gesmeekt ook dezen grijzen en beproefden dienaar des Woords bij voortduring met zijn vertroostend en heiligend licht uit Zion te willen bestralen; eene bede, waarop niet alleen hij zelve, maar allen tegenwoordig "Amen" zeiden. Onze God en zijn Christus storte bij voortduring rijkelijk van zijnen H. Geest over Leeraar en Gemeente uit. Amen.

## VEERTIGJARIGE BEDIENING.

Dr. Faure het die gemeente nog drie-en-twintig jaar na die bowegenoemde feesviering bedien. In die tyd het die agting en liefde van almal vir hom nog groter geword. Toe hy in 1874 gedagtenis gevier het aan sy veertigjarige bediening, het die gemeente hom andermaal oorlaai met huldeblyke en eerbewyse. En daar die verslag van die gebeurtenis interessante besonderhede bevat, laat ons dit ook hier uit *De Kerkbode* van 12 Des. 1874 volg:-

## VEERTIGJARIG DIENSTWERK VAN DR. P. E. FAURE.

WIJNBERG, 7 DEC.—De dag van gisteren, waarop de Wel-Eerw. Dr. P. E. Faure gedachtenis vierde van zijne veertigjarige Evangeliebediening, was voor Leeraar en gemeente een onvergetelijke feestdag. Het kerkgebouw kon de scharen uit alle oorden der parochie, van de Kaapstad en elders zamengevloeid, naauwelijks bevatten. Onder de feestvierenden merkten wij, onder anderen, op: de Ministers, de Edele Heeren Molteno, Koloniale Secretaris, en de Secretaris voor de Naturellen, Brownlee; verder den Edelen Heer de Smidt, L.W.R., en nog, behalve Wel-Eerw. Dr. Robertson, den Wesleyaanschen Predikant Ridgill, benevens eenige Kerkeraads- en Oud-Kerkeraadsleden van Kaapstad.

Ten 10 ure werd de plegtigheid geopend door het aanheffen van een koorzang: "We praise Thee, O God," waarna de gemeente zong uit Ps. cxviii: 1, 7, 9. Dr. Faure las daarop uit 1 Thes. ii. en iii. en deed een indrukwekkend dank- en smeekgebed, doch vooraf leverde ZWEerw. een belangrijk overzigt over het heden en verleden der Wijnbergsche gemeente, waaruit wij het volgende aanstippen. ZEerw. was voor veertig jaren als eerste leeraar der gemeente bevestigd door zijn broeder, den Wel-Eerw. Dr. A. Faure, in tegenwoordigheid zijner in diepen rouw verkeerende moeder, daar zijn vader vijf dagen voor zijne aankomst uit Holland was overleden, maar wiens laatste vermaning hij toen hoorde, dat hij den gekruisten Christus getrouw moest verkondigen. Van den kerkeraad die hem beroepen had, was nog slechts één lid, een meer dan tachtigjarige grijsaard (de Wel-Ed. Heer J. P. Cloete, Sr.) aanwezig, terwijl in de gansche gemeente slechts twee of drie hoofden van huisgezinnen nog leefden, die in 1834 die plaats bekleedden. De gemeente telde destijds *met* de thans afgescheiden parochie Simonsstad 212 leden, de kerk 130 zitplaatsen; thans 1,125 leden in die twee gemeenten zamen, waarvan tot Wijnberg behooren 800 leden, onder welke 200 uit de heidenen of hun kroost. De Wijnbergsche Kerk, die in den laatsten tijd krachtig gesteund was door de bazaars der Zusterwerkgezelschappen, telde thans ruim 600 zitplaatsen. Gedurende ZEerw.'s veertigjarige bediening had hij in 63 gemeenten 5,557 maal het Evangelie verkondigd, veeltijds onder merkbaren zegen, 311 maal het Heilige Avondmaal bediend, 3,811 kinderen en volwassenen gedoopt, 1,766 tot leden der Kerk aangenomen, waaronder 398 Heidenen, 732 paren in het huwelijk bevestigd, 58 jonge leeraren mede toegelaten tot de bediening des Heiligen Woords, terwijl hij *vier maal* door de achting en het vertrouwen zijner broederen, leden der Hoog-Eerw. Synode, tot den *Moderator's* zetel werd verheven. Na deze hoogst belangrijke rede zong de gemeente Ps. ciii: 1. Vervolgens het Koor een schoon stuk van Von Weber: "He is blessed that cometh, o Lord, in Thy Holy name, Hosannah in the highest"; waarna ZEerw. eene korte maar kernachtige en toepasselijke leerrede uitsprak naar aanleiding van 1 Thes. iii: 8. Na de predikatie zong de gemeente Ps. lxvi: 8, onder welk gezang de jubilaris aftrad en vervangen werd door den Wel-Eerw. Dr. Robertson, reeds sedert 50 jaren bekend met—en sedert hunne gemeenschappelijke Evangeliebediening door innige broederlijke vriendschapsbanden gehecht aan—onzen leeraar. Nadat ook door ZEw. eenige treffende woorden tot leeraar en gemeente gerigt waren, sloot hij met plegtig dankgebed, waarin

hij o.a. nevens de gemeente onzen grijzen leeraar, alsmede den jeugdigen Evangeliedienaar, zijn zoon (Eerw. Proponent Philip Faure, Jr.,) aan den Heer opdroeg. Daarna zong de gemeente Gez. 192: 10 en het koor het stuk van Bradberg: "O sing, o sing, and magnify the Lord!" waarna ZEw. den Apostolischen zegen uitsprak. De gemeente verzocht zijnde hunne plaatsen nog niet te verlaten, nam Dr. Robertson nu plaats vóór den kansel en las, op verzoek van Ouderling Landsberg, het talrijk geteekend adres der gemeente aan Dr. Faure voor, die daarop, nadat door allen Ps. 134: 3 gezonden was, gepast hoewel diep bewogen antwoordde. Tevens ontving ZEw. eene beurs van £150 sterling. Na het uitspreken van den Hoogepriesterlijken zegen door Dr. Faure scheidde de gemeente omstreeks half een ure. In den namiddag werd de Feestviering hervat ten half 4 ure, maar nu werden de verrigtingen gehouden in de Engelsche taal. De opkomst der gemeente en ander belangstellenden was niet veel minder dan 's morgens. Dr. Robertson besteeg weder dan kansel en al spoedig hief het zangkoor het lied aan van Whitefield: "Behold how good and joyful a thing it is that Brethren" (Ps. 133); waarna de gemeente zong Hymn 34 uit het Engelsche Gezangboek der Ned. Geref. Kerk en vervolgens na een toepasselijk voorwoord, voorafgegaan door het lezen van 1 Cor. ii en een plegtig gebed, zong de gemeente andermaal en nu uit Hymn 121, waarna het koor met het schoone stuk van Von Weber "Shew Thy favour unto Thy people" volgde. Dr. Robertson hield vervolgens ene toepasselijke, welsprekende doch hoogst ernstige rede naar aanleiding van 2 Cor. ii: 14 en besloot daarop met vurig dankgebed. De gemeente zong uit Hymn 388, terwijl het koor ten slotte het prachtig stuk van Clark "Daughter of Zion" aanhief, waarna Dr. Robertson den zegen uitsprak. Het zangkoor onder de leiding van den heer Wright werd te regt door Dr. Robertson bedankt uit naam der gemeente voor deszelfs liefelijken dienst. De uitvoering der verschillende stukken was voortreffelijk en heeft gelijk het bespelen van het harmonium door de Kaapsche organiste Mej. Wolff niet weinig bedragen tot de algemeene stichting en feestvreugde. De collecte bedroeg in den morgen £9 5s. en 's namiddags £4, te zamen £13 5s.

De Heer gebiede genadig over al de verrigtingen Zijnen zegen.

## FAMIELIE.

Die Faures is, soos hierbo reeds gesê is, uit 'n Franse geslag afgestam, waarvan een lid Hugenoot geword is, vervolg en lank in Grenoble gevange gesit het om sy geloof. Een van sy kleinseuns, Antonie Alexandre, het in 1708 na die Kaap gekom en hier in 1716 met Rachel de Villiers getrou. Hy is dus die stamvader van die Kaapse Faures. Dr. Philip was uit die vierde geslag. Hy was in die begin van 1835 getroud met Anna Wilhelmina Maria Cambier, 'n dogter van Jean Cambier, Kapt.-Luit. ter See in Nederlandse diens. Uit die huwelik, wat uiters gelukkig was, is 5 kinders gebore, 3 seuns en 2 dogters. Mev. Faure was haar hele lewe lank 'n liefdevolle en sorgsame vrou en moeder vir haar eggenoot en kinders. Sy is 30 Augustus 1875 ontslape en op die Wynbergse Kerkhof begrawe. Aan 'n *In Memoriam* in *De Kerkbode* van 18 Sept. d.a.v. word die volgende karakterskets ontleen:—



Dr. Philip Faure, [Foto De Geus.

Kort vóór sy dood—van 'n olieverfportret in die Konsistoriekamer.

D

"Mev. Faure had een zeer groot aantal vrienden, maar slechts zeer weinigen vermogten dat eenvoudig, gevoelvol, geloovig, christelijk hart, zoo vol van liefde volkomen te doorgronden. Immers zij behoorde tot die stillen in den lande, die geen roem zocht of begeerde van menschen en daarom zeer ongaarne mengde in zaken die haar op den voorgrond zouden dringen, maar vergenoegde zich met de beoefening der zuivere en onbevlekte godsdienst—weduwen, weezen, kranken en armen te bezoeken, in stilte wel te doen en zichzelve onbesmet te bewaren van de wereld. Als echtgenoote wist zij haren echtgenoot, ook te midden van krankheid en zware beproeving, een hemel op aarde te doen smaken, en zou eenige aanmerking op haar gemaakt mogen worden het zou zijn dat zij *meer* nog dan hij gegriefd werd door miskenning en ondank haren echtgenoot aangedaan, maar die toch naar 's Heeren woord het deel is van zijn discipel en vooral van den getrouwen leeraar. Als moeder wist zij hare kinderen zoo zorgvuldig op te voeden, dat zij met Gods zegen een eervolle en nuttige plaats in de maatschappij beslaan. Der gemeente was zij door hare liefde en voorbeeldigen christelijken wandel ten grooten zegen, terwijl van haar eenvoudig kinderlijk geloof in dagen van gezondheid hare daden meer dan hare woorden spraken. En in hare krankheid gaf zij gedurig een onbevangen getuigenis harer overtuiging als een der vrijgekochten door het Bloed des Lams."

'n Voorbeeldige vrou en moeder! Aan die sodaniges is daar veral in ons dae groot behoefte.

## DOOD EN BEGRAFNIS.

Dr. Faure het sy vrou sewe jare oorleef en het byna vyftig jaar in die gemeente gearbei. Op die dag van sy bevestiging 48 jare tevore is hy 7 Des. 1882 ontslape, na 'n siekbed wat omtrent drie weke geduur het. Kort tevore het hy nog die Ringsvergadering op Somerset-Wes bygewoon. Toe het hy al ongesteld gevoel, dog hy het spoedig weer beter geword, sodat hy weer kon preek. Na sy terugkeer van 'n namiddagdiens 12 November op Mowbray, het hy egter 'n nuwe aanval gekry, wat hom baie verswak het. Sy laaste dae was sonder pyn of benauwdheid, en met volle bewussyn byna tot aan die einde en vertrouende op sy Saligmaker, wat hy so innig liefgehad en getrou gedien het, is hy in die vroeë môre van die bowegenoemde datum oorlede, byna 72 jaar oud. Aan *De Christen* van 15 Des. 1882 ontleen ons die volgende verslag van die begrafnis:—

WIJNBERG. De begrafenis van wijlen Dr. P. E. Faure vond plaats in den namiddag van den 8sten dezer maand. De familie wenschte, overeenkomstig de begeerte des overledenen alles stil en zonder ophef te laten geschieden. Vandaar dat er geene uitnoodigingen zelfs niet naar de Professoren en naburige Predikanten waren uitgegaan. Toch was er een zeer groote schare opgekomen om de laatste eer aan den Leeraar en Broeder en Vriend te bewijzen, ook van Kaapstad en andere plaatsen. Aan het sterfhuis werd een hartelijk gebed gedaan door Professor Hofmeyr. De Moderator der Synode, Ds. G. Van de Wall, hield in de kerk waar het lijk des ontslapenen leeraars voor den kansel geplaatst was een treffende rede, nemende tot tekst 2 Kron. 24: 15, 16. Bij het graf werden de

plechtige verrichtingen gesloten met een kort woord door Dr. Kotzé, den Voorzitter des Rings van Kaapstad. Behalve de genoemde leeraars waren er nog tegenwoordig: Dr. A. Roux, Prof. Marais, Ds. Neethling van Stellenbosch, Dr. S. Hofmeyr, Di. Steytler, Luckhoff en Büchner en de Eerw. heeren Ruytenbach, Knobel, Van den Bos en Smeer. Ook de Hoofdrechter (Sir Henry de Villiers), de Speaker (Sir David Tennant) en verscheidene andere hooggeplaatste personen waren opgekomen om hulde aan den overledene te bewijzen."

## 'N APPRESIASIE.

In *De Christen,* die offisiële orgaan van ons Kerk tussen 1880 en 1883, kom 'n passende appresiasie van Dr. Faure in die uitgaaf van 15 Des. 1882 voor. Dit is blykbaar uit die pen van Professor Marais, wat toe lid was van die Redaksie-kommissie van gemelde blad. Dit was van die volgende inhoud:—

In meer dan een opzicht hebben wij Dr. Philip Faure bewonderd. Wij bewonderden en waardeerden hem, als:—

1. Vriend en métgezel.—Wien is het ooit anders dan een genot geweest zijne woning binnen te treden of hem in de eigen woning te ontvangen? Wie heeft niet meer dan eens uit zijnen mond raadgevingen ontvangen, die den overledene bij hem onsterfelijk maken? Zijn geheugen was een voorraadschuur van alles wat in het gezellig verkeer aangenaamheid kon verschaffen; zijn hart deelde liefelijkheid mede zelfs als hij moest bestraffen. Op oud en jong oefende hij invloed. Zijn vriendelijkheid en opgeruimdheid verschaften hem ingang tot alle harten. Van alles scheen hij ondervinding te hebben, tot elken stand kon hij zich schikken. Pas een woning ingetreden en zelfs de kleinen hebben hun schuwheid verloren, en voelen zich aangetrokken door die vriendelijke en toch eerwaardige persoonlijkheid. Overal was hij welkom als gast en huisvriend en gewaardeerd als medegezel of reisgenoot. Ook als:

2. Leeraar moest men hem achten en beminnen. Niemand zal het ontkennen dat hij een akker had te bearbeiden, die in het begin veel moeilijkheden opleverde. Er heerschte eene groote mate van onverschilligheid toen Dr. Faure te Wijnberg kwam. Zijn prediking en zijn omgang, zijn ernst aan den eenen, zijn vriendelijkheid aan den anderen kant, brachten weldra eene verandering ten goede te weeg. Belangstelling werd gewekt en het kerkelijk en godsdienstig leven bevorderd. Op één punt bovenal was Dr. Faure meer dan een zijner broederen vooruit. Hij had hart voor *de Zending*. Jaren lang hadden de gekleurden plaats in zijne Kerk. Nog later werd er een gebouw hoofdzakelijk voor hen te Wijnberg gesticht en een zendeling voor dat werk aangesteld. En eindelijk, toen de Synode in 1880 tot het daarstellen der Zendingkerk overging, was een bloeiende gemeente gereed om in die organisatie te worden opgenomen. Ja, wat meer is, het fraaie kerkgebouw, pas voltooid, eenige maanden geleden slechts tot den dienst des Heeren gewijd, kan als de laatste bijdrage van Dr. Faure worden beschouwd tot het zendingwerk in zijne gemeente.

Geen Evangeliedienaar kan op alle punten alles doen. Ook de overledene kon niet alles doen. Maar wij kunnen niet nalaten te wenschen, dat in vele opzichten allen mogen wezen gelijk hij was; niet nalaten te

zeggen dat wij hem op dit gebied menigmaal hebben bewonderd en gewaardeerd. Maar ook als:

3. KERKELIJK LEIDSMAN leeft hij in onze herinnering. De gewichtige ambten, die hij in de Kerk bekleedde, toonen ten duidelijkste dat hij invloed uitoefende en uitoefenen kon. En geen wonder. Zijn helder hoofd, zijn gezond oordeel, zijn takt, en zaakkennis, zijn vaardigheid en gevatheid, waren talenten met welke hij woekerde. Soms onverbiddelijk en gestreng wist hij ook op den bepaalden tijd toegevend te zijn. Voor niemand behoefde hij onder te doen in bekendheid met de kerkelijke wet. En met een goed humeur bezat hij eene zeggingskracht, en niet minder de noodige zwijgenskracht die eene aanwinst waren in alle Kerkelijke vergaderingen welke hij bestierde.

En kunnen wij zwijgen van zijn ijver voor de Theologische Kweekschool onzer Kerk? Zijn Nederlandsche sympathieën in aanmerking genomen, is dit zeker in hem te prijzen, en niet minder, dat hij zoo hartelijk de opvoeding onzer leeraren kon toevertrouwen aan professoren uit ons eigen midden. Zijn belangstelling in de Inrichting, zijn vreugde over het welslagen van het Seminarie, waren altijd blijkbaar en ons dierbaar. Tot op het laatst bleef hij zijn krachten zelfs met verzwakte gezondheid, aan dit werk wijden. Nog lang zullen wij aan hem denken in verband met onze Kweekschool. Die aan het Seminarie denkt, denkt onwillekeurig aan Philip Faure en wat hij daarvoor was en deed. Op dit punt, en op vele anderen, hebben wij hem dikwijls bewonderd en gewaardeerd. En wij danken God dat Hij ons Zijnen dienstknecht zoo lang, juist 48 jaren, heeft geschonken. Doch hij is heengegaan. Wij staren hem na en zeggen: "Hij heeft goed gedaan Gode en zijnen huize." Wij missen hem; wij zullen hem nog lang na dezen missen. Bij zijn graf past geen vleitaal. Wij willen ook niet vleien. Wij treuren over ons verlies en dat der Kerk.

Zacht ruste zijne asch tot den dag der blijde opstanding!

En zoo leggen ook wij een nederig kransje op zijn graf. Onze vriend en broeder is opgeroepen door zijnen Heer. Wij die leven vernemen die roepstem; wij gorden ons met vernieuwden ijver tot onze taak; wij wachten en werken totdat ook ons uur zal slaan, en wij op onzen tijd onzen Heer te gemoet zullen gaan.—Er is werk te doen, veel werk. God zelf make ons getrouw—getrouw tot den dood!

VI.

# Ds. Pieter Adam Strasheim, B.A.

**(1883—1895.)**

---

## GEBOORTE EN STUDIEJARE.

Ds. Pieter Adam Strasheim is 29 Junie 1851 te Vlissingen in Zeeland, 'n provinsie van Nederland, gebore. Sy vader het as onderwyser na Suid-Afrika gekom en die oorkoms het hom ook hier gebring. As 'n skrander

jongeling het hy hom deur ywerige studie op die ou S.A. Kollege in die Kaapstad onderskei, 1866—1871. Dit was nog in die dae toe die ou "Board of Examiners" eksamens afgeneem het voor die tot standkoming van die Kaapse Uniwersiteit. Eers het Strasheim die derdeklas-sertifikaat van diė genoemde "Board" behaal, en in 1871 die twedeklas-sertifikaat in Letterkunde en Matesis, wat gelyk gestaan het met die later B.A.-sertifikaat van die Uniwersiteit.

## ONDERWYSER.

Na voltooiing van sy litterariese studies, het hy hom etlike jare aan die gee van onderwys gewy. Van 1872 tot 1875 was hy onderwyser in Nederlands en Matesis aan die Paarlse Gimnasium. In laasgenoemde jaar, toe hy slechts 23 jaar oud was, het hy die betrekking aangeneem van prinsipaal van die publieke skool op Swellendam. Gedurende sy verblyf daar, sewe maande voor sy vertrek het hy sy eggenote met wie hy in die Paarl getroud was en 'n kindjie met haar deur die dood afgegee; en dit was in die tyd van beproewing dat hy besluit het om hom aan die evangeliebediening te wy.

## AAN DIE KWEEKSKOOL.


In 1877 is hy toegelaat as student aan die Teologiese Seminarie op Stellenbosch. Gedurende sy studietyd aldaar was hy tot tweemaal toe tydelik professor in Matesis en Wetenskap gedurende die afwesigheid van Professor Gordon na Europa of op siekverlof. Hy was dan ook 'n matematikus van geen geringe betekenis. Later was hy jarelank eksaminator in dié vakke in die Admissie-eksamen tot die Kweekskool. Aan die einde van 1881 het hy sy proponents-eksamen afgelê en is hy gelegitimeer.

## OP PHILADELPHIA.


Sy eerste standplaas was die kleine Philadelphia in die Koeberg, waar hy 5 Januarie 1882 bevestig is en sy bediening aanvaar het met die treffende betuiging in die 20ste Psalm: "Wij zullen de vaandelen opsteken in den Naam onzes Gods." Hy het die vaandel daar omhoog gehou anderhalf jaar en gedurende dié tyd 'n geseënde werk gedoen en die ooggetuie gewees van vrug op sy arbeid in 'n gemeente waar die geestelike lewe nie op 'n hoë peil gestaan het nie. Veral in die veragterde wyk van die Duine het hy hom in belang van die verwaarloosde mense baie beywer. Toe hy in 1883 die beroep ontvang na Wynberg, kon hy nie tot besluit kom nie, met die gevolg dat hy, na ernstig gebed, deur die lot aanwysing ontvang het dat hy moes gaan om die opvolger van Dr. Faure te word.

## AAN DIE WYNBERG.

Ds. Strasheim se bevestiging het plaasgevind 4 Oktober 1883 deur Ds. A. D. Luckhoff van die Kaapstad, wat destyds Konsulent was. By dié geleentheid is die gebruiklike welkomsadresse op gepaste wyse aangebied. Die reëlingskommissie uit die Kerkraad het bestaan uit die BB.



Ds. P. A. Strasheim.



Ds. D. J. Pienaar, R.sn.

F. J. Kotzé, J. A. van Niekerk en J. F. Dreyer, van wie slegs laasgenoemde nog in lewe is. Ds. Strasheim het sy werksaamhede met volle moed en ywer aanvaar. Hy was 'n man wat alles baie eksak en sistematies gedoen het. As proewe hiervan dien die volgende "Plan van den Evangeliearbeid in de gemeente" wat hy aan die Kerkraad op sy heel eerste vergadering met hulle voorgelê het: "Op den Eersten Zondag in de maand 's middags, Engelsch te Wijnberg; op den tweeden, Hollandsch te Mowbray; op den derden, Engelsch te Wijnberg; op den vierden, Hollandsch te Claremont; op den vijfden, indien er vijf Zondagen in de maand zijn, te Nieuweland. De morgendiensten allen te Wijnberg in de Hollandsche taal, terwijl de wijkdiensten maandelijks in de week te Philippi en de Houtbaai zullen worden gehouden. Verder zal een maandelijksche bedestond in de Zendingkapel worden gehouden op den eersten Maandag in de maand, zullende de Leeraar met den plaatselijken Zendeling, die ook met de wijkdiensten hulp zal verleenen, hierin beurtelings optreden." Op dieselfde vergadering is besluit "in het vervolg de diensten des Zondags te openen in de Consistoriekamer met gebed, zullende hieraan de BB. van den Kerkeraad beurtelings deelnemen."

## ENGELSE DIENSTE.

Uit die voorgande paragraaf wil dit blyk dat Ds. Strasheim verantwoordelik was vir die invoering van Engelse dienste in die Wynbergse Kerk. Weliswaar is daar voor dié tyd by seker geleenthede sodanige dienste meestal deur besoekende predikante gehou, dog met die koms van Ds. Strasheim het hierdie dienste vaste voet gekry. In die begin was die opkomste egter "zeer gering." Later, toe daar lampe in die kerk aangebring is, is die dienste in die aand in plaas van in die namiddag gehou, en toe het die opkomste verbeter. Die aanbring van die lampe was te danke aan die bemiddeling van die diaken Alexander Brown en enige susters, wat daarvoor gekollekteer het. Nog later is daar elke Sondagaand Engelse dienste in de kerk gehou, in plaas van slegs tweemaal in die maand.

## OPVOEDING EN ONDERWYS.

Self 'n opvoedkundige en 'n oud-onderwyser, het Ds. Strasheim groot belang gestel in opvoeding en onderwys. Dit kan dan ook met waarheid gesê word dat naas sy gewone gemeentewerk, hy tydens sy dienstyd in Wynberg die meeste gedoen het vir die opvoeding van die jeug. Toe hy die herderstaf in die gemeente opgeneem het, was daar wel in die dorp 'n publieke skool en orals rond in al die wyke kerkskole, maar daar was geen voorsiening vir die hoëre opvoeding van die kinders nie. Hulle was, en veral die jong dogters onder hulle, verplig skole van andere gesindtes te besoek. Dit het die leraar erg gehinder en was vir hom 'n spoorslag en dryfveer om 'n eie Dames-Seminarie op te rig vir die dogters van ons Kerk. Hierin was Ds Strasheim hoogs suksesvol. Hy was die stigter van 'n Seminarie wat jarelank goeie werk gedoen het en waarvan die geboue getransporteer gestaan het op die naam van die Kerkraad. Selfs was die later publieke Jongensskool 'n ander bewys aan sy ywer en belang-

stelling op die gebied van onderwys. En hy het nie alleen met die woord geywer nie, maar ook met die daad, waarvan een bewys was dat hy onder seker omstandighede 'n tydlank vrywillig £50 per jaar op sy salaris laat val het. In hierdie verband kan ook gemeld word dat hy een van die medestigters van die Wynberg "Cottage" Hospitaal was.

## IN RHODESIë.

Tydens die Sinode van 1894 het die gevoel algemene byval gevind dat die sorg vir die geestelike belange van die verstrooide lede van ons Kerk in Mashona- en Matabeleland, wat nou die teenswoordige Rhodesië uitmaak, moes toevertrou word aan 'n predikant wat hom geheel en al kon wy aan die werk in dié streke, en langer dan enige maande daar kon arbei, soos Di. G. W. Stegmann, A. Hofmeyr en Paul Nel voorheen gedoen het. Ds. Strasheim het hom op versoek van die Moderatuur gewillig verklaar die taak op hom te neem. Daartoe het hy op 31 Maart 1895 afskeid geneem van die gemeente in 'n rede oor 2 Kor. 13 : 13. Dit was 'n sware afskeid. By dié geleentheid is daar van die Kerkraad, die Sondagskool en Sendinggemeente adresse, vergesel van beurse of geskenke, aangebied. 'n Week of so later is daar deur die Moderatuur 'n plegtige afvaardigingsdiens in die Grote Kerk, Kaapstad, gehou en op 25 April d.a.v. het Ds. Strasheim van Wellington, waar sy familie agtergebly het, vertrek, "als vertegenwoordiger onzer Kerk in Mashonaland om onze verstrooide leden aldaar te bezoeken, ze waar mogelijk tot eene gemeente te vormen, en voorts alles te doen wat de hand vindt om te doen tot bevordering van het heil der zielen, zoowel onder hen die *niet* als die *wel* tot onze Kerk behooren." Die werk in Rhodesië is met seën bekroon geword. Nadat Ds. Strasheim daar vier gemeentes (Buluwayo, Melsetter, Salisbury en Enkeldoorn) gestig het, is op Bulawayo Eerw. Groenewald, wat die reis meegemaak het, as godsdiens-onderwyser aangestel. Teen die end van dieselfde jaar het Ds. Strasheim na die Kolonie teruggekeer o.a. ook met die doel om 'n paar jong arbeiders vir die werk in die gestigte gemeentes mee te neem. Hy was gelukkig om die dienste van die jong sendelinge Eerw. P. L. le Roux (nou van Touwsrivier) en Eerw. (nou Ds.) A. J. Liebenberg van Enkeldoorn, waar hy nog steeds arbei, te verseker. Ongelukkig het daar 'n betreurenswaardige Kaffer-oorlog kort daarop in Matabeleland uitgebreek, en toe die onluste ook na Mashonaland uitbrei, was die werk van Ds. Strasheim sò gestrem dat hy met verlof van die Moderatuur reeds in Oktober 1896 in die Kaapstad virgoed teruggekeer was. Daarna het hy 'n tydlank aan die Opleidingskool op Wellington gedoseer, en in meer as een gemeente tydelik gearbei, terwyl van sy bekwame dienste as eksaminator by die Uniwersiteits-eksamens gebruik gemaak is.

## AFSTERWE.

Intussen was sy liggaam baie verswak geword deur herhaalde aanvalle van die malariakoors, wat hy in Rhodesië opgedoen het. Dit en nog andere kwale was oorsaak dat hy onder die toelatende hand van God op 22 Februarie 1899 op Stellenbosch ontslape is. Die tyding van sy heengaan was soos 'n donderslag uit 'n helder hemel. Hy was na die uiterlike

## BARON DE VILLIERS EN SY GEMALIN.

*Sien bl. 93.*



BARON DE VILLIERS.



LADY DE VILLIERS.